**MEER AS 3 MILJOEN IN 57 TALE GEDRUK**



# Jou Soektog na God

Dr. Richard A. Bennett het sy loopbaan as 'n stadsbeplanner begin. Nadat hy God se krag op 'n lewensveranderende wyse ervaar het, het hy uit sy pos by 'n stadsraad in Brittanje bedank en Bybelkunde in Amerika gaan studeer.

Richard Bennett is al sedert 1946 besig om Bybelse beginsels met waarderende gehore te deel, eers as entoesiastiese lekeprediker en later ook deur middel van uitsendings via Trans Wêreld Radio en die Verre-Ooste Uitsaaikorporasie. Vir twintig jaar is sy stem gereeld in Europa, Afrika, Asië, Sentraal- en Suid-Amerika gehoor.

Richard en Dorothy is in 1958 getroud en dien die Here as 'n span. Dorothy het ook 'n suksesvolle vrouebediening van haar eie gehad. In meer onlangse jare het hul bediening na nasies en lande buite die VSA uitgebrei.

Hulle was verheug om 'n groot geestelike honger in ontwikkelende lande te bespeur. God se liefde het hulle gedring om mense sowel geestelik as materieel by te staan in hul armoede en ellende. Ook in nywerheidslande ontmoet hulle al hoe meer mense wat 'n intieme verhouding met God verlang. Baie van hierdie mense het vrae.

Is daar betroubare antwoorde op die belangrikste vrae in die lewe? Richard Bennett is daarvan oortuig dat God self hierdie antwoorde voorsien het. Dit is waarom hy "Jou Soektog na God" geskryf het.

"Dit is die boek waarvoor ek al twintig jaar lank bid!"
***George Verwer***
***Stigter en Direkteur van Operasie Mobilisasie***

CROSS CURRENTS
INTERNATIONAL MINISTRIES

*Versprei deur:*

Trans Wêreld Radio – Suid-Afrika
Privaatsak 987
Pretoria 0001

ISBN 0-620-37080-7

9 780620 370806


CROSS CURRENTS INTERNATIONAL MINISTRIES

Bennett

Jou Soektog na God

CCIM

# Jou Soektog na God



## Richard A. Bennett

# Jou Soektog na God

*Richard A. Bennett*

*Uitgegee deur:*
CROSS CURRENTS
INTERNATIONAL MINISTRIES
deur
Trans Wêreld Radio
Privaatsak X987
Pretoria 0001
Suid-Afrika

Kopiereg © 1992 deur Cross Currents International Ministries.

1996 Tweede hersiene en uitgebreide Afrikaanse uitgawe
2002 Derde Afrikaanse uitgawe
2006 Vierde hersiene en uitgebreide Afrikaanse uitgawe

Alle regte word voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag op enige wyse gereproduseer, geberg of versprei word sonder vooraf skriftelike toestemming van Cross Currents International Ministries nie. www.ccim-media.com

Gedruk in Johannesburg, Suid-Afrika

Voorbladfoto: Erik de Boer

ISBN: 0-620-37080-7

Skrifaanhalings kom uit die standaardvertaling van die Afrikaanse Bybel (1933-vertaling soos in 1954 hersien).

Sonder die aanmoediging, liefde,
opoffering en gebede
van my vrou Dorothy,
sou hierdie boek nie geskryf gewees het nie.
Soos Paulus van Febe gesê het, sê ek ook van haar:
*Sy was vir baie 'n helper*
*... en ook vir my.*

*Versprei deur:*
Trans Wêreld Radio – Suid-Afrika
Privaatsak 987
Pretoria
0001

# Inhoud

**Voorwoord** vii

**Inleiding** ix

**Hoofstuk 1**
*Is daar regtig 'n God?* 1

**Hoofstuk 2**
*Is jou geestelike gids betroubaar?* 9

**Hoofstuk 3**
*Hoe beleef jy God?* 25

**Hoofstuk 4**
*Wat skei mense regtig van mekaar?* 37

**Hoofstuk 5**
*Wat is werklik die probleem?* 51

**Hoofstuk 6**
*Waarom word mense so mislei?* 61

**Hoofstuk 7**
*Is God regtig lief vir my?* 73

**Hoofstuk 8**
*Waar kan ek lewe vind?* 99

**Hoofstuk 9**
*Hoe kan ek deel van God se gesin word?* 115

**Hoofstuk 10**
*Wat nou?* 127

**My Onderneming van Geloof** 136

# Voorwoord

Ek wil hierdie boek, *Jou Soektog na God,* om twee redes van harte aanbeveel. Eerstens omdat ek die skrywer ken! Hy is 'n seun in die geloof en *ek het geen groter blydskap as dit nie, dat ek hoor dat my kinders in die waarheid wandel (3 Johannes 4)*.

Die tweede rede is meer objektief. Dr. Richard Bennett het hom uitstekend van sy taak gekwyt om die essensie van die mens se verhouding met God duidelik, bondig en oortuigend uiteen te sit.

Die Bybel leer ons dat God 'n begrip van die ewigheid in die mens se hart gelê het (Prediker 3:11). Aangesien ons vir die ewigheid geskep is, volg dit dat tydelike dinge ons nooit ten volle en permanent sal kan bevredig nie. Daar is 'n eindelose leegheid wat net deur God gevul kan word. Augustinus het dit goed saamgevat toe hy gesê het: "O God, U het ons vir Uself gemaak, en ons siele is rusteloos totdat dit rus in U vind." Hierdie boek help ons om daardie soektog na te streef totdat ons sielerus in 'n lewende en persoonlike verhouding met die ewige God vind.

Dit is my ernstige gebed dat menigtes hierdie boek sal lees en ag sal gee op die boodskap wat daarin ontvou – tot die heerlikheid van God en hulle ewige heil.

Dr. Stephen F. Olford

“*Jou Soektog na God* is ’n boek wat ek vir almal sal aanbeveel wat op soek is na die waarheid in die lewe. Dit is teologies gegrond en sal mense help om ’n vaste Christelike fondament te lê. Dit is die moeite werd om te lees!”

Eerw. Stephen Boakye-Yiadom
Internasionale Direkteur
Trans Wêreld Radio – Afrika

# Inleiding

Tydens ons uitgebreide reise het ek en my vrou, Dorothy, baie vriende op alle terreine van die lewe gemaak. Hulle kom uit baie verskillende kulture, ekonomiese agtergronde en opvoedkundige vlakke.

Ons glo nie dit is toevallig dat ons hierdie individue ontmoet het nie. So ook weet ons dat dit nie bloot toevallig is dat hierdie boekie vandag in jou hande is nie.

Deur die jare het die heel belangrikste gesprekke wat ons met ons baie vriende gehad het, gesentreer rondom ons soeke na God. Sommige van die gedagtes wat ons gedeel het, is in hierdie boek saamgevat.

Die eerste uitgawe van *Jou Soektog na God*, waarop enkele hersiene uitgawes gevolg het, was 'n persoonlike dankseggingsprojek. My en Dorothy se 25ste huweliksherdenking was op hande en ons het gewonder op watter manier ons God vir Sy goedheid in ons lewe kon dank.

Wat 'n beter manier, het ons gedink, as om 'n boodskap van hoop en vrede te skryf, te druk en aan 25 000 mense te bring? Dit sou 'n duisend mense vir elke jaar van ons getroude lewe wees.

God het hierdie liefdeswerk geseën en die boekie is letterlik al regoor die wêreld gelees. Ons grootste vreugde

was om briewe te ontvang van diegene wat as gevolg van *Jou Soektog na God* nuwe sin in die lewe ontdek het. Al 25 000 kopieë is direk in die hande van mense in baie verskillende lande geplaas.

Daar was verskeie versoeke dat die boek ook in ander tale vertaal moet word en dit het aanleiding gegee tot die eerste hersiening van die teks. Dit was ons gebed dat nog baie mense regoor die kontinente van die wêreld in hulle soeke na God gehelp sou word. Die gevolg was dat meer as drie miljoen kopieë in vyftig tale gedruk en wêreldwyd versprei is. En nou bid ons ook dat hierdie betrokke hersiene uitgawe verdere hulp aan nog meer lesers sal verskaf.

Die eerste twee hoofstukke sal nie ewe relevant vir alle lesers wees nie. Hoofstuk 1 is vir diegene geskryf wat dalk God se bestaan bevraagteken. Hoewel Hoofstuk 2 van besondere belang sal wees vir mense wat geleer het om alles te bevraagteken, is dit belangrik vir alle lesers, want dit moedig ons aan om ons eie oortuigings en gesindhede te evalueer.

Hierdie inleidende hoofstukke is egter noodsaaklik vir die oorkoepelende tema, want hulle help om die betroubaarheid van die res van die inligting daar te stel. Hoofstukke 3 tot 10 bevat basiese waarhede wat jou sal help in jou soeke na God. Ons wil hierdie nuwe uitgawe dus in God se hande plaas om na Sy goeddunke te seën.

Ek en Dorothy wil graag vir die Here dankie sê vir al die liefde, gebede en insigte van die baie spesiale mense wat hulle persoonlike ervaring van God met ons gedeel het. Daar is heeltemal te veel om op te noem. Vir hierdie vriende sê ons: “Baie dankie.”

- Richard A. Bennett

# *Jou Soektog na God*

*Geologie is die outobiografie van die aarde, maar soos alle outobiografieë, dateer dit nie terug tot by die begin nie.*

*Sir Charles Lyell*

Hoofstuk 1

# Is daar regtig ’n God?

Daar was dalk tye in jou lewe toe alles so donker gelyk het dat jy aan die liefde van God getwyfel het en miskien selfs Sy bestaan bevraagteken het.

In die Bybel word die bestaan van God nie verduidelik nie en ook nie bewys nie – dit word as ’n gegewe feit aanvaar. Die heel eerste sin in die Bybel sê: *In die begin het God die hemel en die aarde geskape (Genesis 1:1).* Hierdie treffende stelling is eenvoudig, maar ook diep. Dit verklaar dat God **is**, en dat Hy die Skepper van die heelal is.

Baie jare gelede was my vrou ’n senior verpleegkundige by een van die beste psigiatriese hospitale in Europa. Een van die vooraanstaande psigiaters daar het openlik verklaar dat hy ’n ateïs is. Op ’n dag het hy vir Dorothy oor haar geloof uitgevra.

“Doktor,” het sy geantwoord, “u weet dat ek u as ’n kenner op u terrein baie respekteer. U geniet groot aansien as ’n dosent aan die universiteit en in die mediese beroep is u ’n geëerde persoon. Mag ek egter voorstel dat, voordat u

weer sê dat u 'n ateïs is, u die Bybel met dieselfde erns sal lees as wat u u psigiatriese navorsing aangepak het."

Sy het hom herinner aan verskeie van sy pasiënte wat kort tevore uit die chroniese afdeling ontslaan is as gevolg van die wonderlike verandering wat die krag van God in hulle lewens gebring het. Sy kon ook die name van 'n paar persone noem wat so dramaties verander het dat hulle daarna produktiewe lewens kon lei. Dorothy het vertel hoedat elkeen van daardie pasiënte die Here op 'n persoonlike en beslissende wyse leer ken het. Die doktor was deeglik bewus daarvan dat hierdie pasiënte glad nie by die jongste psigiatriese tegnieke gebaat het nie. Hy kon dus nie as ateïs, of selfs as psigiater, 'n verklaring vir die verandering in hulle lewens gee nie.

Die doktor, wat pas aan Dorothy vertel het dat hy nie in God glo nie, het haar aan die einde van hul gesprek gevra om vir hom te bid! Hy het ook belowe dat hy vir die eerste keer in sy lewe sou begin om die Bybel met 'n oop gemoed te lees.

Nadat hy die Bybel vir sewe weke lank aandagtig gelees het, het die psigiater aan Dorothy gesê dat hy nie meer 'n belydende ateïs is nie. Hy het egter steeds met 'n probleem gesit, omdat hy besef het dat opregte toewyding aan God sou vereis dat sy lewenstyl moes verander. "My probleem is nie meer intellektueel nie," het hy gesê, "maar daar is 'n onwilligheid by my om die veranderinge te aanvaar wat sal plaasvind as ek 'n toegewyde gelowige word."

Ons het tien jaar lank volgehou om vir ons doktor-vriend te bid. Uiteindelik het ons 'n brief ontvang waarin hy van sy nuwe geloof en persoonlike toewyding aan God vertel het. Ons was vol vreugde maar tog nie baie verbaas

nie, want ons het geweet die *geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God (Romeine 10:17).*

Om elkeen van ons te help om Hom te leer ken, het God diep in ons wese ’n bewussyn van Sy bestaan geplaas.

Sommige mense mag kies om nie in God te glo nie, maar daar was nog nooit ’n persoon op aarde wat nie in God kón glo nie.

Selfs in die fisiese heelal het God baie bewyse van Sy eie bestaan gegee. Hoe dieper die twintigste-eeuse wetenskap in die geheime van die heelal delf, hoe meer onlogies raak dit om te beweer dat alles sonder ’n Ontwerper tot stand gekom het. Niemand sou ooit glo dat ’n ruimtetuig in die hemelruim kan opstyg, ’n wentelbaan om die aarde volg en dan sonder die gekombineerde kennis van ontwerpers, tegnici en wiskundiges op die korrekte oomblik en plek op die aarde land nie. Op dieselfde manier kan sonsondergange en seisoene, sterrestelsels en atome, swaartekrag en die krag van die liefde nie sonder die beplanning en ontwerp van ’n Skepper God bestaan nie.

Dit vra tog sekerlik ’n miljoen keer meer geloof om te glo dat ’n geordende, volmaakte skepping met ’n groot slag (die *big bang*-teorie) tot stand gekom het, as wat dit verg om in God, die Skepper, te glo. Daar kan geen ontwerp sonder ’n ontwerper wees nie!

Selfs ’n regering wat die bestaan van God ontken, stel hulle vertroue in die wette en orde van die heelal elke keer as hulle ruimtereisigers in ’n baan om die aarde plaas. Die ruimtereisigers kan net weer veilig na die aarde teruggebring word as die wetenskaplikes met hierdie wette saamwerk. Dit is vreemd dat dieselfde mense wat hulle vertroue in die

natuurwette stel, terselfdertyd die bestaan van God as die Gewer en Beplanner van hierdie wette ontken?

Ons is almal bewus van die uiterste vernietigingskrag wat vrygestel word wanneer 'n kernbom ontplof. Dit word egter bereken dat die son elke sekonde 'n hoeveelheid krag vrystel gelykstaande aan 5000 miljard kernbomme. Vergeleke met die ander sterre wat krag voortbring, is ons son nie baie groot nie. Ons weet ook nie hoeveel sterre daar werklik in die heelal is nie. Ten spyte van die biljoene sterre wat ons kan sien, is hulle dalk slegs op die randjie van die onbekende. Vandag weet astronome dat die energie wat in sommige sonnestelsels vrygestel word, miljarde kere groter as dié van ons son is! Hoe kan sulke krag bestaan as dit nie vir 'n Skepper was wie se krag onbeperk is nie?

Die skepping stel ons inderdaad bekend aan 'n God van ontwerp, 'n God van wette en 'n God van eindelose krag. Die Bybel sê:

> *Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van Sy hande. Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan: daar is geen spraak en daar is geen woorde nie – onhoorbaar is hulle stem. Hulle meetsnoer gaan uit oor die hele aarde, en hulle woorde tot by die einde van die wêreld (Psalm 19:2-5).*

> *Want Sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in Sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik Sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie (Romeine 1:20).*

Daar is dus geen verskoning vir enigiemand op enige plek om die bestaan van God te ontken nie.

**Wanneer mense nadink oor die grootheid, orde en krag wat God geskep het, voel baie van hulle klein en onbelangrik.**

Israel se koning Dawid het hierdie gevoel só uitgedruk:

> *As ek U hemel aanskou, die werk van U vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het – wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? (Psalm 8:4-5).*

Ons huidige kennis van die sterrehemel het grootliks vermeerder. Reuse teleskope is opgestel wat ons beeld van die heelal tot 'n halfmiljoen keer vergroot. Satelliete wat deur die buitenste ruimte reis, stuur foto's na die aarde terug. Ons kan dus dieselfde vraag as Dawid vra: "Hoe kan 'n grote God wat al hierdie dinge gemaak het in 'n klein mensie soos ek belangstel?"

Gelukkig is die eeu van die teleskoop ook die eeu van die mikroskoop. Vandag weet ons dat die miniatuurwêreld wat slegs deur 'n mikroskoop gesien kan word, net so wonderlik as die eindeloosheid van die buitenste ruimte is. Selfs lig is nie in staat om al die geheime van die submikroskopiese wêreld te openbaar nie. Dit wat wetenskaplikes nie deur hul tradisionele mikroskope kon sien nie, word nou deur kragtige elektronmikroskope ontbloot. Die skoonheid, ontwerp, wette en krag wat in 'n oneindig klein wêreldjie bestaan, is nou meer sigbaar.

As jy dus wonder waarom God dink aan iemand so klein soos jy, luister dan na die kernfisikus wat jou kan vertel hoe belangrik werklike kleinheid vir die voortbestaan van die ganse heelal is. As mens die neutrone en protone van ’n atoom met slegs ’n twaalfde triljoenste van ’n duim skei, sal die materie nie meer in ’n soliede massa saamgebind wees nie. Die wêreld sal dan in ’n kosmiese kernontploffing disintegreer. Ja, vir die God van die skepping is kleinheid net so belangrik as grootheid.

Dit is gerusstellend om te weet dat wanneer ons vra: “Wat is die mens dat U aan hom dink?” dit nie die grootte van die mens is wat sy of haar waarde bepaal nie. Ons persoonlike waarde vir God word op grond van ander faktore bepaal. God wys in die Bybel aan ons waarom ons vir Hom waardevol is en hoe kosbaar ons in Sy oë is.

Hoewel die skepping getuig van ’n God van ontwerp, wette en krag, het die Here nog ’n manier gekies om Homself te openbaar, naamlik as die God van grenslose liefde en genade – die Een wat net die beste vir ons begeer. Om so ’n God te kan vind, is dit egter nodig dat ons geestelike gids na Hom uiters betroubaar sal wees.

### *Besin ’n Oomblik*

1. As jy ’n handvol ystervylsels in die lug opgooi, sal jy verwag om ’n Switserse horlosie te vang wanneer dit afkom?
2. Kon die heelal met al sy wonderlike en ingewikkelde ontwerpe sommer net so sonder die Skepper God ontstaan het?
3. Hoewel die skepping jou wys dat daar ’n Skepper God is wat Homself as die God van ontwerp, wette en krag openbaar, is die skepping opsigself genoeg om jou God se liefde en genade te laat verstaan?

*’n Donker grot kan maklik verken word deur iemand wat dit met ’n fakkel binnegaan.*

*Plato*

*Die skepping is die dowwe lig in die bek van die grot; die Woord is die fakkel.*

*A.H. Strong*

Hoofstuk 2

# Is jou geestelike gids betroubaar?

'n Tyd gelede het die koerante oor 'n tragiese vliegtuigongeluk berig. Die skokkende ontdekking was dat die onnodige verlies aan menselewens die gevolg van 'n foutiewe radarsein was. 'n Veel groter tragedie is egter wanneer mense op 'n "geestelike radarstelsel" vertrou wat hulle op 'n geestelike rampspoed laat afstuur!

Daar is vandag baie teenstrydige en verwarrende stemme in die wêreld en elkeen maak daarop aanspraak dat hulle die weg na God aanwys. Hoe moet mens weet watter een om te vertrou? In jou soektog na God kan jy nie bekostig om na die verkeerde stem te luister nie, omdat dinge van ewige waarde op die spel is.

'n Voormalige Britse Eerste Minister, W.E. Gladstone, het geskryf: "Die Bybel dra die stempel van sy unieke oorsprong en word deur 'n onmeetbare afstand van al sy mededingers geskei."

’n Amerikaanse president, Abraham Lincoln, het gesê: “Ek glo die Bybel is die beste geskenk wat God ooit aan die mens gegee het.”

Hoewel baie groot manne in die geskiedenis van die uniekheid van die Bybel getuig het, bewys die Bybel egter self sy geloofwaardigheid.

Koning Dawid het die betroubaarheid van sy geestelike gids beklemtoon: *U woord is ’n lamp vir my voet en ’n lig vir my pad (Psalm 119:105).*

Tot vandag toe ondervind mense dat die Bybel vertrou kan word om hulle na God te lei. Ten spyte van sommige pogings om die geloofwaardigheid van die Bybel te vernietig, is die Heilige Skrif vandag nog net so standvastig en getrou as wat dit in die verlede was. Dit is waarlik uniek en geen literatuur in die wêreld kan daarmee vergelyk nie.

Omdat mense die versekering wil hê dat die Bybel uniek én eg is, het die Here op baie maniere Sy seël daarop geplaas wat dit as “Die Woord van God” bevestig. Uit die Bybel self, en ook uit die rekords van die sekulêre geskiedenis, sal ’n eerlike soeker oorweldigende getuienis vind dat *die hele Skrif deur God ingegee [is] (2 Timoteus 3:16)*.

As die Bybel net deur een outeur geskryf was, sou ons nie verbaas wees as die hooftema op ’n ordelike en sistematiese wyse ontvou nie. Hierdie Boek, bestaande uit 66 boeke, is egter nie net deur een persoon geskryf nie, maar deur baie verskillende skrywers uit ’n verskeidenheid kulture en oor ’n tydperk van baie eeue. Ten spyte hiervan bevat die Bybel ’n konsekwente, ordelike en unieke uitbouing van die waarheid oor God. Dit, in sigself, is hoogs merkwaardig – dit is ’n wonderwerk!

Argeoloë grawe boonop steeds nuwe getuienis op wat die historiese akkuraatheid van die Bybel verder bevestig. Gebeure wat voorheen as "fiktief" afgemaak is, word nou deur die ontdekkings van moderne argeoloë bevestig.[1]

**Ja, die Bybel is sonder enige twyfel God se Boek wat Sy boodskap aan alle mense bevat.**

Ten spyte daarvan dat die Bybel God se Boek is, wil party mense dit nie lees nie as gevolg van die populêre wanopvatting dat die wêreld uit twee groepe bestaan, naamlik wetenskaplikes wat hulle stellings op feite baseer, en gelowiges wat hulle oë daarvoor sluit. Die implikasie is dat 'n "ernstige" wetenskaplike nie 'n ware gelowige kan wees nie. Vandag is daar egter talle vooraanstaande wetenskaplikes wat hierdie siening verkeerd bewys. Hoewel die Bybel nie 'n wetenskaphandboek is nie, is daar geen bewese wetenskaplike feite wat die Bybel weerlê wanneer dit wel die terrein van die wetenskap aanroer nie. Trouens, in sy doelstelling en ontwerp strek die Bybel ver verby die beperkings van ons wetenskaplike kennis.

Die wetenskap kan byvoorbeeld nie verklaar waarom ons hier op die planeet aarde is nie. Dit kan ook geen inligting gee oor waarheen ons gaan wanneer ons fisiese lewe op aarde verby is nie. Ook kan die wetenskap ons nie vertel waaroor die lewe regtig gaan nie, of selfs wat die

1 Ter voorbeeld: In 1868 het 'n Duitse reisiger genaamd Klein die antieke wêreld van Moab besoek, wat vandag Jordanië genoem word. Hier het hy 'n monument van klip ontdek waarop 34 reëls deur Mesha, die koning van Moab, gegraveer was. Hierdie inskripsie is gemaak om die koning se opstand teen Israel te gedenk. Die konings Omri en Agab wat in 2 Konings 1 beskryf word, word ook op die monument genoem! In albei gevalle word die leser vertel dat hierdie Israelitiese konings Moab onderdruk het. Daar is talle sulke hedendaagse ontdekkings wat die historiese akkuraatheid van die Bybelse verslae bevestig.

werklike waarde van ’n mens is nie. Elkeen van ons – hoe slim of eenvoudig ook al – het steeds Goddelike hulp nodig om die waarheid omtrent God te wete te kom. Die Franse filosoof en wiskundige, Blaise Pascal, het juis gesê: “Die hoogste prestasie van die rede [verstand] is om aan ons die beperktheid van die rede te toon.” Ons sou nooit betroubare antwoorde op die belangrikste vraagstukke van die lewe gehad het as dit nie vir God se Boek was nie.

**Ons kyk nou na twee duidelike aanduidings dat die Bybel inderdaad God se Boek is.**

Die eerste is die verbasende akkuraatheid van die profetiese voorspellings in die Bybel. Die tweede is die kragtige en positiewe invloed wat die Bybel uitgeoefen het in die lewens van diegene wat die boodskap daarin ernstig opgeneem het.

### *Die Bybel se Profetiese Akkuraatheid*

Die meeste van ons het ’n inherente nuuskierigheid oor wat die toekoms vir ons inhou. Die Bybel vertel sommige van die belangrikste toekomsgebeure – dikwels in fyn detail en op ’n boeiende wyse. Jy mag dalk vra: “Hoe kan julle so seker daarvan wees?”

Om hierdie vraag te beantwoord, moet jy jouself voorstel dat jy op ’n staptoer is in ’n land waar jy nog nooit was nie. Die kaart in jou hand is die enigste gids wat jy het. Die vorige dag het jy gevind dat die kaart ten volle betroubaar is, want jy het die rivier aangetref asook die dorpie waar jy oornag het, presies soos die kaart dit aangedui het. Vandag moet jy besluit watter roete om verder te volg. Voor jou is daar ’n onbekende gebied, maar

jou kaart dui aan dat, indien jy links draai, jy deur ’n woud sal stap en daarna by ’n groot meer sal uitkom. Wat sal jy doen as jy baie graag daardie meer wil sien? Ek dink jy sal die roete op die kaart volg en links draai. Die belangrikste rede vir jou vertroue in die kaart is sekerlik die feit dat dit die vorige dag ’n akkurate gids in ’n ewe onbekende gebied was. Dit het vir jou gewys wat jy sou aantref nog voordat jy daar aangekom het, en dit was reg!

Een van die merkwaardigste bewyse dat die Bybel die Woord van God is, is die volkome akkurate profesieë oor toekomstige gebeure. Met die kennis wat ons vandag het, weet ons dat baie profesieë in die Bybel reeds tot in die fynste detail vervul is honderde jare nadat hulle uitgespreek is.

Hierdie profesieë handel oor ’n wye verskeidenheid onderwerpe wat al die nasies van die aarde insluit. Daar is ook spesifieke besonderhede oor Israel en die Midde-Ooste. Nog belangriker is die baie voorspellings wat handel oor die komende Messias. Omdat baie van hierdie Messiaanse profesieë reeds vervul is, kan ons sien hoe verbasend akkuraat hulle was. Sommige hoogs onwaarskynlike aspekte van die Messias se geboorte, lewe en dood het presies so gebeur.

Met so ’n bewese rekord is dit redelik (en ook reg) om te aanvaar dat die toekoms presies sal ontvou soos wat die Bybel dit voorspel. Elke jaar lewer ook verdere bewyse op van die Bybel se profetiese akkuraatheid. Om die Bybel te lees, is in baie opsigte soos om môre se koerant te lees!

Dr. Wilbur Smith was sy lewe lank ’n student van die Bybel. Dit het vir hom plesier verskaf om die absolute akkuraatheid van die Bybelse profesieë na te vors. Hy het

die talle Ou Testamentiese profesieë wat na die koms van die Messias verwys, gekontrasteer met die leerstellings van ander godsdienste wat beweer dat hulle die waarheid verkondig. Smith het tot die volgende gevolgtrekking gekom: “Mohammedanisme kan nie enige profesieë oor die koms van Mohammed noem wat honderde jare voor sy geboorte uitgespreek is nie. Ook kan geeneen van die stigters van ander kultusse antieke tekste aandui wat spesifiek na hulle verskyning verwys nie.”

Ons moet ook erken dat daar in ons gewone lewe sogenaamde “profesieë” bestaan wat nie baie inspirasie nodig het om akkuraat te wees nie.

Met die hulp van rekenaars, onderhoude op verkiesingsdae en historiese data kan die nuusmedia byvoorbeeld soms die wenner van ’n verkiesing voorspel nog voordat die stembusse sluit. Met al die statistiek tot hulle beskikking is dit nie juis ’n merkwaardige prestasie om die wenner voor die tyd aan te kondig nie. Soms is hulle boonop verkeerd.

Vra egter enige verslaggewer watter kandidate oor twintig of vyftig jaar aan die verkiesing gaan deelneem. Vra wie gaan wen, en vra dan uit oor die wenner se geboorteplek, sy toekomstige lewenswyse en die omstandighede rondom sy dood. Jy kan nog verder gaan en by die verslaggewer betroubare inligting probeer kry oor wat ’n duisend jaar van nou af in die Midde-Ooste gaan gebeur. Vra hom ook om die spesifieke stede te noem wat in hierdie lang tydperk verwoes sal word.

Jy sal saamstem dat elke keer wat daar nog meer inligting gevra word, die kanse dat die verslaggewer se voorspellings korrek sal wees aansienlik krimp. Behalwe as

die God van die ewigheid hom oor die toekoms inlig, sal hy nie die verdere verloop van ’n saak foutloos kan voorspel nie. Besonderhede soos dié waarmee ons die nuusman konfronteer – en selfs nog meer komplekse inligting oor gebeure wat oor ’n langer tydperk plaasvind – is in die Bybel geprofeteer.

Die geskiedenis van die antieke stad Tirus is ’n voorbeeld van hoe die profesieë wat God oor hierdie stad laat uitspreek het, merkwaardig vervul is.

As jy wil, kan jy eers die betrokke profesieë in Esegiël 26:3-21 lees en daarna in die *Encyclopedia Brittanica* en ander geskiedkundige bronne. In beide gevalle hieronder sal jy dieselfde verhaal lees – die eerste is ’n profesie en die tweede die historiese weergawe van die gebeure.

**Profesie:** Reeds lank voordat dit gebeur het, het God die ontstuimige toekoms van die stad Tirus aangekondig. Hy het gesê:

> *Kyk, Ek het dit teen jou, o Tirus! en Ek laat baie nasies teen jou optrek ... Hulle sal die mure van Tirus verwoes en sy torings afbreek.* Dit is ook voorspel dat die presiese plek waar hierdie beroemde stad gebou is, geskraap sou word: *Ja, Ek sal sy puin van hom af wegvee en hom ’n kaal rots maak.* Meer nog, in die profesie word gesê: *... en hulle sal jou klippe en jou houte en jou puin in die water slinger.* Die verstommende detail van hierdie profesieë eindig egter nie hier nie. Die Here het van antieke Tirus gesê: *... ’n droogmaakplek van nette sal jy wees (Esegiël 26:3, 4, 12, 14).*

**Geskiedenis:** As jy die historiese rekords lees, sal jy merk dat toe Nebukadnesar die ou stad Tirus op die vasteland verwoes het, hy die mure en torings laat afbreek het, soos voorspel is. Later het die ingenieurs van Alexander die Grote die terrein waar die antieke stad gebou is, laat skraap totdat dit net *’n kaal rots* was.

Toe hulle die stad se puin in die see gooi om ’n straatweg na die eiland te maak, was dit nes die profesie gesê het. Die klippe, hout en stof is werklik in die water gegooi. Ja, die puin van die antieke stad Tirus lê vandag nog in die see begrawe, net soos God gesê het dit sou wees.

Daar is vandag ’n bekende stad met die naam Tirus in die Midde-Ooste, maar dit is nie die antieke stad van Tirus wat in 1291 n.C. finaal verwoes is nie.

Indien jy die terrein van die antieke Tirus besoek, sal jy selfs meer van die verstommende vervullings van hierdie profesieë opmerk. Daar is ’n paar vissermanshuisies in ’n klein nedersetting. Vissersbote gaan uit op die see en visnette word op die kaal rots drooggemaak. Hoe kon menslike wysheid hierdie hoogs onwaarskynlike toekoms van ’n florerende handelstad soos antieke Tirus voorspel?

Peter Stoner het sewe profesieë oor antieke Tirus met die historiese verslae oor die stad vergelyk. Hy het die waarskynlikheid dat Esegiël se profesieë vervul sou word wiskundig bereken en toe gesê:

“Indien Esegiël in sy tyd na Tirus gekyk het en hierdie sewe voorspellings oor die stad se toekoms volgens menslike wysheid gemaak het, sou daar ’n kans van een uit 75 miljoen wees dat hulle almal vervul sou word. Sy profesieë is egter tot in die fynste detail vervul.”

Kom ons kyk nou na een van die voorspellings oor die geboorte van ’n sekere baba.

Matteus, ’n afgetrede staatsbelastinggaarder, het in sy geskrif die aandag gevestig op vier baie merkwaardige profesieë wat vervul is toe Jesus gebore is. In een van hulle het Matteus na die profeet Miga verwys, wat baie sterk aantygings teen die valse leiers van sy tyd gemaak het. Miga was diep teleurgesteld omdat ware leierskap en gesag in sy volk ontbreek het. Die profeet het egter ’n beter toekoms voorsien toe God aan hom wys dat daar eendag ’n wonderlike Heerser gebore sou word. Hy het selfs die presiese geboorteplek van hierdie toekomstige Leier genoem.

> *En jy, Betlehem Efrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat ’n* ***Heerser*** *in Israel sal wees; en Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid (Miga 5:1).*

God het dus geopenbaar dat die Heerser wat Israel nodig het, in Betlehem Efrata gebore sou word.

Soos Miga ook geprofeteer het, is Jesus nie in Sy familie se tuisdorp Nasaret gebore nie, maar in Betlehem Efrata. Dit was as gevolg van ’n bevel deur die Romeinse keiser in die sensustyd. Jesus se ouers het die keiserlike bevel gehoorsaam en hulle huis verlaat om na Bethelem te reis om daar ingeskryf te word. Niemand sou tog sekerlik in Betlehem wat maar een van die baie dorpies in Judea was, na ’n Heerser soek nie, dus was die kans hoogs onwaarskynlik dat Hy hier gebore sou word. Tog het dit gebeur net soos wat Miga voorspel het. Dit is net een van

letterlik honderde sulke merkwaardige profesieë oor die lewe van Jesus Christus.

Ons lees dat God verklaar:

> *[Ek] wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat My behaag, sal Ek doen (Jesaja 46:10).*

> *Die vorige dinge het Ek lankal verkondig, en uit My mond het dit uitgegaan, en Ek het dit laat hoor; skielik het Ek dit volbring en dit het gekom ... daarom het Ek jou dit lank tevore verkondig; voordat dit gekom het, het Ek jou dit laat hoor ... (Jesaja 48:3, 5).*

Die geskiedenis het bewys dat hierdie profesieë wat deur God gegee en in die Bybel opgeteken is, 100% akkuraat is.

### *Die Bybel se Kragtige Invloed*

’n Tweede sterk bewys dat die Bybel God se Woord is, is die invloed wat dit uitoefen. Waar en wanneer die boodskap van die Bybel verkondig en geglo is, het dit die mensdom veredel en opgehef – sosiaal, kultureel en ook in die lewens van individue.

Net voordat die eerste hersiene uitgawe van hierdie boek na die drukkers geneem is, het ons nuwe vriend ’n besoek aan ons gebring. Saam het ons die manuskrip deurgelees. Hoewel hy nie ’n emosionele soort mens is nie, kon hy nie die trane keer toe ons Hoofstuk 7 lees nie. Twee keer het ons opgehou lees en in gebed en lofprysing voor

dié God gebuig van wie se liefde ons gelees het. Saam het ons Hom gedank vir Sy geduld, genade en elke blyk van Sy liefde in ons onwaardige lewens. Ons was intens bewus van die lewenskragtige teenwoordigheid van die lewende God, en ons is met vreugde vervul.

Hierdie dag was besonder betekenisvol vir my vriend. Presies een jaar tevore het hy alleen in ’n luukse woonstel gesit, in teenstelling met die beskeie woning waarin ons nou ontmoet het.

Daardie tyd het al die prag wat hom omring het, hom egter geen vreugde verskaf nie. Hy het in werklikheid so wanhopig gevoel dat hy nie eintlik langer wou leef nie. In sy soeke na persoonlike geluk het hy homself aan allerlei ongetemde instinkte oorgegee. Sy kokaïengebruik het hom ’n fortuin gekos. Opkikkers, brandewyn en whisky was ook deel van sy daaglikse lewe. Vir jare lank het hy in Europa en dwarsoor die wêreld saam met die rykste van die rykes partytjies gehou. Op dié betrokke aand was hy egter alleen. In sy eensaamheid het hy in depressiewe, donker gedagtes oor die verlede verdiep geraak, soveel so dat hy geglo het dat die wêreld daarbuite net ’n vreesaanjaende, dreigende plek was wat geen hoop bied nie. Hy kon geen manier sien hoe om dit te ontvlug nie.

Met strakke vasberadenheid het hy sy dubbelloop-handwapen gelaai, teen sy slaap gehou en dit oorgehaal. “Net ’n paar millimeter van vergetelheid af,” het hy gedink, “dan sal my pyn vir altyd verby wees.” In daardie splitsekonde (my vriend sê hy weet nou nog nie hoe dit gebeur het nie) het die televisieprogram verander. Hy het skielik begin luister na ’n boodskap uit die Bybel wat ’n toekoms van hoop voorhou. Alleen in die vertrek en terwyl

die middernaguur aanbreek, het hy op die vloer neergeval en die lewende God om vergifnis en genade gesmeek.

Omdat die krag van God my vriend so radikaal herskep het, het die man hier voor my min ooreenkoms getoon met die een wat ek so pas beskryf het. Voor sy geboorte het sy ouers al vir hom gebid, en hoewel hy as ’n jongman die Bybel bestudeer het, het hy geweier om die boodskap daarvan ernstig op te neem. In sy wêreld van oorvloed en voorregte het hy teen God gerebelleer en in geweldige morele losbandigheid verval.

Sewentien jaar voor daardie onvergeetlike aand toe hy die Here ontmoet het, het my vriend ’n boek met ’n pragtige leeromslag gekoop. Die bladsye daarin was leeg. Dit was sy bedoeling om van daardie dag af elke belangrike gebeurtenis in sy lewe daarin op te teken. En tog in daardie sewentien jare van ’n uitspattige en vermorste lewe het daar niks gebeur wat ’n enkele inskrywing in die boek geregverdig het nie.

In die tyd toe my vriend sy rug op die lewende God gedraai het, het hy ’n vreemde en onbevredigende pseudo-geestelike pad geloop. Dit het begin met ’n belangstelling in die daaglikse sterrevoorspellings en ’n obsessie met rock-musiek en rock-konserte. Spoedig het hy by die okkulte betrokke geraak. Later het sy fassinering met joga na ’n ernstige studie van die Hindoe-filosofie en betrokkenheid by Oosterse mistisisme gelei. Niks wat hy in daardie jare ervaar het, het ’n enkele inskrywing in sy bruin leernotaboek geregverdig nie. Die bladsye het leeg gebly as ’n weerspieëling van die skrynende leegheid in hom, tot daardie baie spesiale nag toe hy ’n ontmoeting met God gehad het.

Daardie nag het my vriend sy eerste inskrywing gemaak. Ek het die wonderlike voorreg gehad om dit te kan lees. Dit was ’n gewyde, geestelike verhaal van ’n behoeftige mens wat deur ’n liefdevolle God gered is. Dit was inderdaad pragtig. In Sy groot genade het die Here deur die man se geestelike blindheid gebreek en hom deur die lig van Sy onveranderlike waarheid en verstommende liefde van wanhoop en die dood gered.

Dit is as gevolg van die mensdom se geestelike verwarring – soos die geestelike blindheid van my vriend – dat God Homself in die Bybel bekendgemaak het. As jy jou rug op die Bybel draai, wat die enigste betroubare geestelike gids is, sal jy jouself gou in misleiding en dwaling bevind. As jy egter in jou soektog na God die Bybel met ’n ontvanklike gemoed lees, sal jy vind dat dit al die geestelike lig en rigtingaanwysers bevat wat jy nodig het.

Dit is net deur God se Woord wat ons ’n duidelike begrip van God kan verkry, soos Hy Homself bekendgestel het. In hierdie Boek word ons aan die Waarheid self, die Woord van God en die Lig van die wêreld bekendgestel.

Here, U Woord staan vas,
En rig ons voete bly;
Dié wat in U waarheid glo
Sal lig en vreug’ verkry.

***Besin 'n Oomblik***

1. Is daar enige ander manuskripte of "heilige geskrifte" wat met die Bybel kan vergelyk wat die akkuraatheid van hul toekomsvoorspellings betref?

2. Ken jy persoonlik mense wie se lewe verander het omdat hulle die boodskap van die Bybel ernstig opgeneem het?

3. Het jy al ooit die unieke lering van die Bybel verkleineer terwyl jy terselfdertyd nagelaat het om dit met 'n oop gemoed te lees?

*Al word ons gelyktydig deur al die probleme van die hemel en aarde gekonfronteer, is dit niks in vergelyking met die oorweldigende probleem wat bestaan rondom God nie: dat Hy is; hoe Hy is; en wat ons as morele wesens omtrent Hom moet doen.*

*A.W. Tozer*

Hoofstuk 3

# *Hoe beleef jy God?*

Op die een of ander stadium in hulle lewe vra die meeste mense: “Hoe is God regtig?” Hoewel die Here reeds hierdie vraag beantwoord het, is daar steeds mense wat eerder op hulle eie verbeelding en bespiegelings wil staatmaak as om in die Bybel te lees wat God oor Homself te sê het.

Hierdie mense draai eintlik ’n belangrike Bybelse stelling om. God het gesê: *Laat Ons mense maak na Ons beeld, na Ons gelykenis (Genesis 1:26)*, maar hulle sê: “Laat ons God volgens ons eie beeld en voorstelling maak.” Sodoende het hulle *die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van ’n verganklike mens (Romeine 1:23).* Elke “god” wat deur die mens uitgedink is, is totaal kragteloos en soms selfs grotesk.

Dit maak nie saak hoe slim iemand is nie – hy kan nooit die lewende God deur middel van wêreldse wysheid ontdek nie. *Die wêreld [het] deur die wysheid God nie geken nie (1 Korintiërs 1:21).* As God deur menslike wysheid ontdek kon word, sou Hy té klein wees om God te wees. Meer nog, as menslike wysheid nodig was om God te ontdek, sou dié van ons wat nie heeltemal so slim is nie ’n agterstand gehad het in ons soektog na God.

Dit is egter nie die geval nie. Geestelike wysheid is tot elkeen se beskikking – aan ’n vrou wat iewers in Afrika hout versamel en aan ’n professor aan die universiteit. Die akademiese proses vereis nie geestelike wysheid nie. Wysheid wat van God kom, is beskikbaar aan alle mense wat nederig genoeg is om te erken dat hulle Sy hulp nodig het in hulle soektog na Hom.

> *En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word (Jakobus 1:5).* Hierdie soort wysheid is nie aards nie, maar hemels. *Dit is die wysheid van God ... wat niemand van die heersers van hierdie wêreld* (d.w.s. diegene wat volgens hierdie wêreldstelsel handel) *geken het nie ... Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het (1 Korintiërs 2:7, 8, 12).*

Die Bybel is nie ’n tipe godsdienstige verhandeling nie; dit is hoofsaaklik ’n verslag oor hoe God Homself aan die mens geopenbaar het. En net God kan aan jou die geestelike wysheid gee wat jy nodig het om te verstaan wie Hy is en wat Hy graag in jou lewe wil doen.

**As jy vir die Here vra, sal Hy Homself deur Sy heilige Woord aan jou openbaar.**

Op my en my vrou se reise het ons diep geestelike belangstelling en insigte op ongewone plekke en onder onwaarskynlike omstandighede aangetref. Op ’n dag het ons ’n groep swart seuns in die bosse van Kenia ontmoet.

Hulle was ooglopend net daarin geïnteresseerd om van hulle geloof te getuig en meer van die dinge van die Here te leer!

Dit het só gebeur. Die ekwatoriale son het vinnig onder die horison ingeglip en daarmee het ’n lang, besige dag tot ’n einde gekom. Ek het op ’n klip langs ’n stowwerige Keniaanse pad gesit om te rus toe ek ’n geritsel in die bosse agter my hoor. Toe ek omdraai, sien ek hoe ’n straal van die volmaan dof in die groot swart oë van ’n seun weerkaats. Hierdie tienjarige seun het mettertyd op sy hurke langs die rots kom sit en ons het gou bevriend geraak. Ander seuns in die omgewing het ons stemme gehoor en asof uit die niet verskyn om te hoor waaroor ons praat. Hulle kennis van die Bybel het my werklik beïndruk.

“Waarom wou God nie hê dat Moses Sy gesig moes sien nie?” het my jong vriend, Joël, gevra.

Sy vraag het my aangenaam verras. Ek het hom gevra of hy kon onthou wat Moses gebid het voordat God aan hom gesê het: *... jy [sal] My van agter sien; maar My aangesig kan nie gesien word nie (Eksodus 33:23)*.

Joël kon nie. “Laat ek jou dan herinner,” het ek voortgegaan. “Moses het gebid: *Laat my tog U heerlikheid sien (Eksodus 33:18).* Met ander woorde, Moses het God gevra om hom te wys hoe Hy werklik is. God het egter geweet dat hierdie versoek ’n probleem inhou, want Sy heerlikheid is oneindig meer as wat Moses sou kon waarneem of begryp. Die glans van God se heerlikheid, heiligheid en lig is so verterend dat Hy gewaarsku het: *Geen mens kan My sien en bly lewe nie (Eksodus 33:20).*

Moses het nie besef hoe oorweldigend dit sou wees om die heerlikheid van God te sien nie. Maar, omdat

God ’n selfopenbarende God is wat die mens nader aan Homself wil trek, het Hy soveel van Sy heerlikheid gewys as wat Moses in staat was om te hanteer. As God meer van Homself getoon het, sou Moses heeltemal deur Sy teenwoordigheid verteer word. Selfs al het God nie die volheid van Sy glansrykheid aan die profeet getoon nie, was dit nogtans nodig om Moses in die skeur van die rots te sit en hom met Sy hand te bedek toe Hy verbygegaan het (Eksodus 33:22).”

Omdat hulle op die ewenaar gebly het, het my jong vriende geweet dat hulle nie in die middaguur na die helder son kon kyk sonder om met hulle hande die sonstrale van hulle oë af te skerm nie. Hulle het ook geweet dat motte in die donker nag na die lig toe aangetrek word. Toe ek vra wat gebeur wanneer die motte te naby aan die oorsprong van die lig kom, het hulle soos een man geantwoord: “Hulle gaan dood.” Hulle was duidelik bewus van die gevare van ’n oormaat blootstelling aan lig.

Ek het probeer dink aan nog ’n illustrasie wat die seuns sou help om die antwoord op hul vraag te laat verstaan. Al my nuwe vriendjies het geweet van die bande waarmee hulle bababoeties en -sussies toegedraai word en styf teen hulle ma’s se hart vol liefde en tere sorg gehou word. Ek het hulle toe vertel van die “band” wat God om die aarde gedraai het (Job 38:9).

Wetenskaplikes noem dit die osoonlaag. Hierdie delikate kombers van allotropiese suurstof filtreer die skadelike ultravioletstrale van die son uit. Sonder die son sou geen lewe op aarde moontlik gewees het nie, maar God se tere sorg beskerm ons van ’n oordosis van die son se energie en die moontlikheid van velkanker.

My jong vriende het besonder belanggestel in die idee van God se “band” om die aarde toe ek in eenvoudige taal probeer verduidelik dat dit ons teen vreeslike brandwonde beskerm. Ek weet nie of hulle alles verstaan het wat ek gesê het nie, maar hulle hartjies het gereageer op die liefde en heerlikheid van God en ons het ’n kosbare tyd van gebed gehad. Hulle was duidelik daarvan bewus dat hulle persoonlik dieselfde beskerming geniet as wat Moses in sy soektog na God ervaar het.

’n Belangrike fondament van ons begrip van God is die volgende: *Die Here onse God is ’n* ***enige Here*** *(Deuteronomium 6:4)*. Die eenheid van die Persoon van God is ’n fundamentele waarheid.

**Om aan ons nog ’n beter begrip te gee van wie Hy is, het God Sy name aan ons bekendgemaak.**

In die Bybel is name altyd belangrik, omdat die betekenis van ’n naam ’n sekere aspek van die persoon se karakter weerspieël. Net so het elke naam wat vir God gebruik word ’n baie besondere betekenis en openbaar dit ’n unieke faset van Sy Goddelike wese.

In die Ou Testament is daar drie hoofname wat vir God gebruik word, naamlik Jahwe, Elohim en Adonai. Elkeen het ’n besondere betekenis. Elohim is die eerste naam wat gebruik is en kom meer as 2000 keer in die Bybel voor. Hoewel die naam Jahwe die belangrikste is, is daar tog ’n baie betekenisvolle aspek van die naam Elohim wat God nie wil hê dat ons uit die oog moet verloor nie. Wat sou dit wees?

In Afrikaans praat ons van enkelvoud as ons na een verwys, en meervoud as ons van meer as een praat. (Dit

kom duideliker in die Engelse grammatika voor, bv. “I am” teenoor “we are”.) Die oorspronklike Hebreeus is egter nog meer presies, omdat dit ’n duale vorm het wanneer daar na twee verwys word, en ’n meervoudsvorm wanneer daar na meer as twee verwys word. Die verskil tussen duaal en meervoudig (m.a.w. tussen “twee” en “drie of meer”) is baie belangrik. Ons het reeds gesê dat Elohim die eerste naam vir God in die Bybel is. In Hebreeus is Elohim, wat na die Skepper God verwys, nie enkelvoudig en ook nie duaal nie, maar in die meervoudsvorm – m.a.w. meer as twee.

*In die begin het God [Elohim] die hemel en die aarde geskape (Genesis 1:1)*. Ons vind dus in die heel eerste vers in die Bybel – wat God se openbaring oor Homself aan die mens is – hierdie aanduiding van ’n “drie-in-een” en ’n “een-in-drie” konsep van God. Dit word in die teologie die Drie-eenheid genoem.

Na hierdie eerste aanduiding van God se Drie-eenheid kom ons ’n paar verse later by die skepping van die mens uit. *En God het gesê: Laat **Ons** mense maak na **Ons** beeld, na **Ons** gelykenis (Genesis 1:26).*[2] Die “Ons” is beslis ’n meervoudsvorm. Net die volgende sin lees egter: *... man en vrou het **Hy** hulle geskape (Genesis 1:27)*. Hier is dit duidelik dat die “Hy” net een Persoon kan wees. Elkeen van hierdie verwysings na God as “een” en “meer as een” verwys na die God wat Homself reeds as Elohim bekendgestel het.

2 Onthou, die skepping van die mens kan nooit vergelyk word met die skepping van die planteryk, of selfs nie eens met die hoogste vorm van “evolusionêre” ontwikkeling in die diereryk nie. Dit is omdat mans en vroue “na die beeld van God” geskape is. Hulle is dus unieke skeppings wat aan die bopunt staan van al God se wonderlike skeppingsdade. Soos jy later sal lees, bied hierdie uniekheid vir jou die versekering van wie jy werklik is.

Dit is heeltemal bokant die vermoë van wêreldse wysheid om so ’n God te kan begryp. Dit is waarom God ons genadiglik tegemoet kom in ons begrip van Hom, deurdat ons *die Gees wat uit God is [ontvang het], sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het (1 Korintiërs 2:12).* Vanaf hierdie eerste aanduidings van wie God is, openbaar die Bybel al hoe meer van Sy misterieuse Drie-eenheid. Begrip van hierdie aspek van God sal jou help om later (in Hoofstuk 7) Sy verstommende liefde vir jou meer te waardeer.

God openbaar Homself progressief deur die res van die Bybel om ons te help om iets van die grootheid van Sy liefde te begryp. Ons word bekendgestel aan God die Vader, God die Seun, en God die Heilige Gees. Tog is Hy die enigste en enige God. Ons menslike verstand kan net die randjie van so ’n konsep verstaan. Omdat dit dus vir die mens onmoontlik was om boontoe te reik en die lewende, ware God te ontdek, het Hy die inisiatief geneem om Homself aan ons bekend te maak.

Die volle openbaring van God se heerlikheid en heiligheid was vir Moses se oë verberg. In die Persoon van God die Seun het Elohim egter soveel van Homself openbaar as wat die mens kon hanteer.

Ons lees dus in die Nuwe Testament:

> *Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn – dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus (2 Korintiërs 4:6).*

Dink net daaraan: toe die dissipel Johannes na die gesig van Jesus Christus kyk, het hy gesê: *En ons het Sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos die Eniggeborene wat van die Vader kom (Johannes 1:14).*

Later het Johannes van sy persoonlike ontmoeting met God geskryf en, omdat hy Elohim in die Persoon van Jesus ontmoet het, het hy geleef om die storie te vertel! Nogtans het hy dit baie duidelik gestel dat sy ontmoeting met die God van die ewigheid was, die God van die skepping, die God van Moses.

Dit is merkwaardig dat hierdie persoonlike ontmoeting tussen Johannes en sy Skepper God hoorbaar, sigbaar en tasbaar was.

> *Wat van die begin af was, wat ons gehoor het* (sy hoorbare ontmoeting)*, wat ons met ons oë gesien het* (sy sigbare ontmoeting) *... en ons hande getas het* (sy tasbare ontmoeting) *(1 Johannes 1:1).*

Nee, die verslag waarvan ons in die brief van Johannes lees bestaan nie uit 'n nie-relevante, onpersoonlike teologie nie. Dit vloei uit sy eie ontmoeting met die lewende God.

"Maar hoe help dit my vandag?" mag jy dalk vra. Johannes is gou om hierdie vraag te beantwoord: *En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle blydskap volkome kan wees (1 Johannes 1:4)*. Net so is hierdie boek wat jy nou lees, in jou hande omdat 'n vriend wil hê dat jy ook hierdie volheid van blydskap kan hê wanneer jy die lewende God ontmoet.

Johannes verduidelik:

> *Wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê;*

*en ons gemeenskap is met die Vader en met Sy Seun, Jesus Christus. En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle blydskap volkome kan wees (1 Johannes 1:3-4).*

Ja, soos wat lig 'n aantrekkingskrag in 'n donker nag het, so trek die Lig van God se heerlikheid steeds mense na Homself toe. In jou begeerte om vandag te weet hoe God werklik is, kan jy saam met Moses bid: "Laat my tog U heerlikheid sien.'

***Besin 'n Oomblik***

1. Het jy al in jou soeke na God die Bybel aandagtig gelees?

2. Sal jy God vra om Homself aan jou te openbaar wanneer jy die Bybel lees?

   'n Moontlike gebed: "O Here, as U die God is wat hierdie heelal geskep het en my liefhet, openbaar Uself asseblief aan my en wys my of Jesus Christus U Seun, die beloofde Messias is!"

3. Stem jy saam dat as jy God waarlik kan aanbid, Hy groter moet wees as:

   - jou vermoë om Hom deur menslike navorsing te ontdek, en

   - jou vermoë om Hom met jou menslike verstand ten volle te verstaan?

*Ek dink ek verstaan iets van die menslike natuur, en ek kan jou dit sê: al die helde uit die geskiedenis was mense, en ek is ’n mens; maar daar is niemand soos Hy nie: Jesus Christus was meer as ’n mens.*

*Napoleon*

Hoofstuk 4

# Wat skei mense regtig van mekaar?

Die wêreld van vandag word soms 'n wêrelddorp ("global village") genoem. Omdat hierdie dorp so baie vyandige bure het, word dit al hoe gevaarliker om in te woon.

Op die oog af lyk dit of die probleme wat die mensdom verdeel 'n breë spektrum van politieke, ekonomiese, huishoudelike en selfs nywerheidsake insluit. Hierdie probleemareas veroorsaak dat mense toenemend gefragmenteerd leef. Daar is egter nog 'n ernstiger rede vir die vervreemding wat in ons wêreld bestaan, hoewel dit minder opsigtelik is.

Ons kyk eers kortliks na die ooglopende redes vir verdeeldheid onder mense, en daarna fokus ons op die hoofrede.

### *Ooglopende Verdelings*

**Polities:** Politici konfronteer mekaar met vrese en wantroue. Wanneer hulle standpunte onversoenbaar is, hoop hulle dat die militêre mag hul land se toekomstige veiligheid sal verseker. Intussen wil besorgde landsburgers

vrede en kernontwapening hê. Ironies genoeg sien ons dikwels op televisie hoe baie van die deelnemers aan hierdie “vredesoptogte” juis die soort passie vertoon wat tipies van konfrontasie en oorloë is.

**Ekonomies:** Natuurrampe soos droogtes, hongersnode en aardbewings word ’n al groter probleem, veral in die Derde Wêreld. Hierdie rampe dra by tot die pyn van die groot ekonomiese verskille tussen ryk en arm lande. Ten spyte van die goedgesindheid en opofferings van baie mense wat probeer help, is die hartseer werklikheid dat die rykes al te dikwels nog ryker word en die armes nog armer.

**Gesinslewe:** Dit is wel bekend dat die verbrokkeling van huwelike en gesinne vandag reeds epidemiese afmetings aanneem. Met trane in sy oë het Letsoale gesê: “My huis is gebreek.” Ek het eers gedink dat sy Afrika-hut met sy vier mure verwoes is, maar het gou agtergekom dat hierdie uitdrukking van gebrokenheid Letsoale se delikate manier was om te sê dat sy vrou hom verlaat het. Vandag is daar baie sulke huise wat “gebreek” word wanneer liefdevolle verhoudings deur selfsugtige lewenstyle verbreek word.

**Industrieel:** In ons werkplekke het ons al daaraan gewoond begin raak om te hoor van allerlei ontevredenheid en spanninge. Vroeg in 1985 is die ergste arbeidsgeskil van die twintigste eeu in Brittanje opgelos. Die staking en gewelddadige straatgevegte is wel beëindig, maar voortslepende griewe en bitterheid het steeds soos ’n oop sweer die verhoudinge tussen die werkers en bestuur versuur. Hoe anders as hierdie situasie was die verloop van

’n soortgelyke nywerheidsonrus in Wallis se steenkoolmyne in 1904! John Parry het die storie uit sy eerstehandse ervaring aan my vertel.

Toe ek John die eerste keer ontmoet het, was hy ’n 91-jarige afgetrede steenkoolmynwerker wat heeltemal blind was en aan ’n chroniese longkwaal gely het wat hy in die myn opgedoen het. Wanneer dit vir ons moontlik was, het ek en my vrou hom in sy nederige mynershuisie in Noord-Wallis besoek. Met sy hartlike lag en duidelike vreugde het John graag vir ons vertel wat God in Wallis gedoen het toe die herlewing van 1904/5 met groot sondebesef en krag uitgebreek het. Die myners en hul werkgewers het ’n ontmoeting met die lewende God gehad. ’n Direkte gevolg daarvan was dat hulle ware eensgesindheid ervaar het, en vertroue en respek vir mekaar gekry het. Wat ’n verskil is dit nie tussen 1905 en 1985 nie!

John was uitgelate wanneer hy oor daardie dae gepraat het. Hy het vertel van die talle kroeë wat moes sluit omdat niemand meer wou drink nie. Hy onthou ook hoe die myners saam lofliedere aan God gesing het terwyl hulle in die myngange afgesak het. Met ’n laggie sê hy: “Mense kom nog steeds na my en vra waar die herlewing was. Dan slaan ek op my bors en sê: ‘Dit is hier binne en dit vind nou nog plaas!”

### *Die Werklike Verdeling*

So diep as wat die verdelings tussen mense kan wees, is daar iets anders wat die mensdom op ’n baie meer skrikwekkende en permanente manier verdeel. Die gevaar wat tans dreig om die vrede in baie lande te ontwrig is die feit dat mense verdeeld raak as gevolg van die verwarde

wyse waarop hulle God verstaan!

In Sy openbaring aan die mensdom het God nooit enige kompromie oor die waarheid van Sy goddelike wese gemaak nie. Voordat Jesus gebore is, het God beloof dat Hy ’n groot lig sou stuur om mense te help om Hom te ken soos wat Hy werklik is. Hy het gesê: *Die volk wat in duisternis wandel, het ’n groot lig gesien (Jesaja 9:1)*. Daarna het God aangedui hoe hierdie lig herken sou kon word: *Want ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee (Jesaja 9:5)*.

Dit sou niks besonders wees as God net gesê het dat ’n kind gebore sou word nie. Kinders word tog elke dag gebore! Dit sou onbelangrik wees om aan te kondig dat ’n kind gebore sou word as hierdie feit nie ook gekoppel was aan die belofte dat ’n Seun gegee sou word nie. En wat vroeër profesie was, is nou geskiedenis, omdat dit wat God beloof het reeds gebeur het. Op aarde is ’n Kind gebore; uit die hemel is ’n Seun gegee. Deur die geboorte van ’n Kind en die geskenk van ’n Seun het God lig na die mense gestuur wat in duisternis rondgetas het. Tot vandag toe verdryf hierdie Lig steeds die duisternis en twyfel wat die mense se oë vir God wil toemaak.

Om die geboorte van God se unieke Kind van alle ander geboortes en kinders te onderskei, het Hy belowe dat die geboorte van Sy Seun deur ’n wonderbaarlike teken bevestig sou word: *Kyk, die maagd sal swanger word en ’n seun baar en Hom lmmanuel noem (Jesaja 7:14)*.

Is dit nie wonderlik dat die naam Immanuel “God met ons” beteken nie? Wat hierdie naam sê, help ons om te verstaan hoe die Goeie Nuus in die Bybel van die leerstellings van alle ander godsdienste verskil. Hulle probeer wys hoe die mens na God toe moet uitreik, terwyl

die Bybel God se verslag is van hoe Hy na die mens neergebuig het.

Toe God Sy verlossingswerk op die aarde begin het, het ’n maagd swanger geword soos dit ook geprofeteer is. Dit is ’n historiese feit dat die Skepper van die heelal neergedaal het om ’n deel van ons tyd en ruimte te word: ... *’n engel van die Here het in ’n droom aan hom [verskyn] en gesê: “Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees” (Matteus 1:20)*. Later, toe Jesus ’n volwassene was, het Hy Sy goddelikheid in die teenwoordigheid van vyandige skeptici bevestig: *Ek en die Vader is een (Johannes 10:30)*.

Die ruimtevaarder Jim Irwin van Apollo XV het só geskryf: “God wat op die aarde loop is belangriker as ’n mens wat op die maan loop.” Geen prestasie wat die mens in die ruimte bereik het, kan vergelyk word met die wonderwerk van daardie oomblik toe die Seun van God uit die ewigheid in die bedeling van tyd ingestap het nie.

Ná die profesie dat ’n Kind gebore en ’n Seun gegee sou word, volg daar meer besonderhede in ’n profetiese beskrywing van hierdie unieke Persoon: *Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde ... (Jesaja 9:5-6)*. So ’n treffende kombinasie van mag en doelstelling is noodsaaklik vir enige suksesvolle wêreldleier. Selfs in ons wêreld soek ons na leiers wat nie net die kennis het om die regte ding te doen nie, maar ook die mag het om dit te doen. Sommige leiers mag werklik weet watter stappe om te neem, maar geen

leier in die geskiedenis het ooit die mag en wysheid gehad om 'n toestand van voortdurende vrede te skep nie.

Die komende Vredevors het die kennis én die mag om permanente vrede op aarde te vestig. Jesus sal eendag terugkom om op die aarde te regeer. Wanneer daardie dag aanbreek, sal elke wapenfabriek sluit, elke kernbom sal ontlont word, en elke grenswag en soldaat sal permanent huis toe gestuur word!

Die mens het al oor en oor bewys hoe hopeloos onbevoeg hy is om oor die menslike geslag te regeer. Vrede en geregtigheid vir almal sal moet wag vir daardie dag wanneer die Vredevors self Sy septer oor 'n universele ryk sal swaai! Dan sal mense *van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie (Jesaja 2:4)*. Op daardie vredevolle dag sal die *aarde ... vol word met die kennis van die heerlikheid van die HERE soos die waters die seebodem oordek (Habakkuk 2:14)*. Die geskiedenis kan op geen ander manier afsluit wat vir die God van die ewigheid aanvaarbaar sal wees nie.

Maar voor hierdie dag van universele vrede onder die leiding van die Here Jesus sal die diep en werklike verdeling van die mensdom duidelik sigbaar word. Die komende skeiding sal sentreer om die Persoon van Jesus Christus.

**Dit is dus baie belangrik dat jy seker is wie Jesus is, waarvoor Hy gekom het en wat Hy vir jou gedoen het.**

Die Bybelboeke Genesis en Johannes begin op 'n soortgelyke wyse. In Genesis lees ons: *In die begin het God*

*die hemel en die aarde geskape (Genesis 1:1)*. In Johannes lees ons: *In die begin was die Woord ... en die Woord was God ... Alle dinge het deur Hom ontstaan (Johannes 1:1, 3)*. God wat in Genesis "Elohim" genoem word, het in die Evangelie volgens Johannes alles deur "die Woord" geskep. Die Woord het Homself met vlees beklee om onder Sy eie skepsels te wandel. Die Bybel sê die Woord het vlees geword en onder ons gewoon:

> *In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie ... Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na Sy eiendom gekom, en Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo ... En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het Sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid (Johannes 1:1-3, 10-12, 14)*.

Soos Moses baie eeue vantevore, en soos die mense van alle tye, het die dissipel Filippus ook begeer om te weet hoe God regtig is.

Filippus het 'n spesiale versoek aan Jesus gerig: *Here, toon ons die Vader (Johannes 14:8)*. Jesus antwoord hom egter: *Hy wat My gesien het, het die Vader gesien (Johannes 14:9)*. Hierdie verbasende antwoord maak van Jesus óf 'n

misleide persoon, óf God self. Niemand sal Hom egter van misleiding of bedriëery kan beskuldig nie. Ons moet dus aanvaar dat wanneer ons na Jesus kyk, ons God sien. (Dit kan ook beteken dat wanneer ons Jesus sien, ons die Vader se hart en geaardheid sien.

Dit is op hierdie punt – die verklaring van wie Jesus is – dat mense begin verskil. Toe Jesus gesê het: *Ek en die Vader is een (Johannes 10:30)*, het sommige mense in Hom die antwoord op hulle soektog na God gevind. Ander het weer vyandig gereageer en kon nie die moontlikheid oorweeg dat God Homself op so ’n wyse sou verneder nie. Jesus het sommige mense aangetrek, maar ander vervreem. Daar was diegene wat Hom gevolg het, en ander wat beplan het om Hom dood te maak.

Selfs in Sy leeftyd op aarde het Jesus mense verdeel. Hy het duidelik gesê:

> *Hy wat nie met My is nie, is teen My (Matteus 12:30).*

**’n Aanvanklike reaksie hoef egter nie ’n finale besluit te wees nie.**

Kom ons kyk na ’n man wat aanvanklik ’n vyand van Jesus was, maar later ’n getroue volgeling van Hom geword het. Die Joodse rabbi Saulus het die volgelinge van Jesus eers so gehaat dat hy hulle vervolg het en selfs hulle moord goedgekeur het. Na sy bekering het hy egter die res van sy lewe daaraan bestee om Jesus as sy Heer en Meester te eer. Hy het met blymoedigheid groot ontberings verduur as gevolg van sy lojaliteit teenoor Christus. Wat het die verskil gemaak?

Toe Saulus na Damaskus op reis was, het hy ’n groot lig gesien. Dit was so helder dat hy tydelik daardeur verblind is. Hy het egter instinktief geweet dat hy in die teenwoordigheid van God was.

Hy het die Griekse woord vir Jahwe gebruik en gevra: *Wie is U, Here?* Die Here het geantwoord: *Ek is Jesus wat jy vervolg (Handelinge 9:5)*. Op daardie dag het Saulus geleer dat Jahwe en Jesus Een is.

Hierdie openbaring het Saulus van ’n vyand van Jesus na die apostel Paulus verander. Van daardie dag af het hy sy lewe geheel en al aan die Here Jesus Christus gewy. Ten spyte daarvan dat hy baie vir sy geloof gely het, het hy vir die res van sy lewe die Goeie Nuus verkondig dat God die aarde besoek het. Die realiteit van Jesus Christus in Paulus se lewe het hom in een van die grootste sendelinge van alle tye verander. Van Jesus skryf hy: *Alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape (Kolossense 1:16)*.

Die Bybel verklaar dus dat Jesus van Nasaret God **die** Seun is, en nie net **’n** Seun van God soos wat die Mormone, Jehova-getuies en baie ander glo nie. Hy was ook nie net **’n** profeet van God, soos Islam beweer nie. In ’n poging om die valse lerings van sulke groepe in te sluit, verkies baie mense om die openbaring van God oor Homself te ignoreer. Dit is bekend as “sinkretisme”, naamlik ’n poging om verskillende sieninge met mekaar te versoen.”

Die Hindoes erken byvoorbeeld ook “Jesus” deur Hom op die rak langs hulle baie ander “gode” neer te sit. Dit is vir ons goed om te onthou dat toe Elia se God – die ware en lewende God – die heidense afgode van Baäl gekonfronteer het, Hy hulle almal platgeslaan het op hulle aangesigte

voor Hom. Op dieselfde wyse moet elke mensgemaakte en mensbedinkte god voor die Here Jesus Christus neerval. Hy is God die Seun, ewig een met die Vader en die Heilige Gees.

Sodra ons verstaan dat Jesus Christus deel van die Godheid is, sal ons geen probleem hê om te glo in Sy maagdelike geboorte, die baie wonderwerke, Sy dood en opstanding, hemelvaart en wederkoms na die aarde in krag en heerlikheid nie. Omdat Jesus Christus waarlik God is, die Skepper van die heelal met al sy wette en ondersteuningstelsels, is Hy verhewe bokant elke wet wat Hy self geskep het vir Sy eie doel van liefde en verlossing.

Die wêreld is ook rondom die Persoon van Jesus van Nasaret verdeeld. Die afsonderlike groepe bestaan nie uit die rykes en die armes, of diegene wat polities sterk of swak is, of selfs die nasies met hulle verskillende ideologieë nie. Die werklike verdeling is veroorsaak toe God hierdie aarde besoek het. Dit is veel meer fundamenteel as al die ander sake wat die mensdom van mekaar vervreem.

Hierdie stelling is nie oordrewe nie, want die Here Jesus het self gesê:

> *As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het uit God uitgegaan en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar Hy het My gestuur. Waarom ken julle My spraak nie? Omdat julle na My woord nie kan luister nie. Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal*

> *praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan (Johannes 8:42-44).*

Is jy verbaas om te hoor dat, net soos daar 'n familie van gelowiges is wat God as Vader het, daar ook 'n "broederskap" van ongelowiges is wie se vader die duiwel is? Nie almal is kinders van God nie. Die familie van God en die familie van Satan – hierdie is die enigste twee ewige alternatiewe vir my en jou.

Ongeag hoe opreg jou geloof omtrent God is, kan jy nog steeds "opreg" verkeerd wees. Dit is glad nie waar dat dit nie saak maak wat iemand glo nie, solank hy of sy net opreg is. Net so kan jy gif drink en opreg glo dat dit medisyne is, maar jy sal nogtans doodgaan!

Die mensdom is inderdaad in twee families verdeel. Elke persoon behoort aan een of die ander van hierdie twee families, naamlik die familie van God of die familie van die duiwel. Dit is uiters belangrik dat jy sal weet aan watter familie jy behoort. Die eerste stap om 'n lid van God se familie te word, is om te verstaan wie God is en wat Hy gedoen het toe Hy Jesus Christus, Sy Seun, aan ons gegee het.

Die naam Jesus beteken "Jahwe is verlossing". Dit is waarom die engel aan Josef gesê het: *... en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat Sy volk van hulle sondes sal verlos (Matteus 1:21).*

***Besin 'n Oomblik***

1. Solank jy opreg is, maak dit regtig saak wat jy omtrent God glo?
2. Wat is die diepste oorsaak van verdeeldheid onder mense? Is dit polities, ekonomies, huislik of industrieel van aard? Of is daar 'n geestelike en ewige rede?
3. Aan watter een van die twee families wat die Here Jesus beskryf het, wil jy behoort?

*In ’n diepe besef [bewustheid] van morele boosheid bestaan daar, miskien meer as in enigiets anders, ’n verlossende kennis van God.*

*Dr. Arnold*
*(Hoof: Rugby Openbare Skool)*

Hoofstuk 5

# *Wat is werklik die probleem?*

Aan die begin van die twintigste eeu was die mense optimisties oor die toekoms van hierdie wêreld. Hulle het geglo dat die goue era van vrede en voorspoed voor die deur was. Baie het geglo dat elke land die seëninge van hierdie nuwe bedeling sou ondervind, selfs die lande waar wanhoop, siekte en uiterste armoede onbeskryflike ellende veroorsaak het. Maar in 1914 het oorlogsirenes dwarsdeur Europa weerklink.

En vandag, soos wat die een-en-twintigste eeu ontvou, en ten spyte van die verstommende wetenskaplike deurbrake wat ons al beleef het, praat mense nie meer so entoesiasties van 'n wonderlike toekoms nie. In plaas hiervan is miljoene mense bekommerd oor die uitwissingspotensiaal van die wêreld se arsenaal van kernwapens. Die kompleksiteit van internasionale terrorisme en nasionale probleme laat baie waarnemers beweer dat ons die mees kritieke en potensieel gevaarlikste tyd in die geskiedenis van die mensdom beleef. Ons het reeds gepraat van die verdeeldheid van die hedendaagse wêreld. Die diepste wese van beskaafde

samelewings word aangeval en is aan die wankel. Wat het verkeerd gegaan?

In ’n poging om antwoorde te kry, kom vooraanstaande wêreldleiers byeen om te beraadslaag. Terwyl hulle die probleme bespreek en na mekaar se teorieë en voorstelle luister, beweeg die wêreld van een ernstige krisis na die volgende. Ten spyte van al die energie en geld wat in moontlike oplossings belê word, is niemand werklik in staat om die rigting wat die wêreld ingeslaan het te verander nie. Almal dra hul besondere kundigheid by – geëerde staatsmanne en politici, briljante wetenskaplikes en geleerdes, voortreflike sakemanne en wêreldbankiers, gerespekteerde doktore en sosioloë – maar steeds is daar geen blywende antwoord nie.

Hierdie geleerde manne verwys selde of ooit na wat God oor die werklike probleem van die mens te sê het – daardie basiese probleem wat eers geïdentifiseer moet word voordat ’n oplossing gevind kan word. Net God kan ons van ons werklike probleem bewus maak. Dit is juis hier waar ons dikwels die verskil sien tussen mense wat ernstig soek na God en diegene wat net nuuskierig oor godsdiens is.

God het gesê: *Laat Ons mense maak na Ons beeld, na Ons gelykenis (Genesis 1:26)*. Jy mag dalk vra: “In watter opsig is die mens na God se beeld geskep?” Sekerlik nie in ’n fisiese verband nie, want die Here Jesus het gesê: *God is Gees (Johannes 4:24)*. God het nie arms, bene en oë van vlees soos wat ons het nie. Hy bewoon *’n ontoeganklike lig ... wat geen mens gesien het of kan sien nie (1 Timoteus 6:16)*. Daar het nog nooit ’n onsigbare mens bestaan nie. Dus moet daar iets veel meer waardevol omtrent mense wees as bloot die liggaam waarin hulle woon! Dit is

hierdie werklike persoon wat voortleef wanneer die stoflike liggaam eendag ingee – die "persoon" wat na die beeld van God geskep is.

Die Bybel onthul dat God 'n verstand, emosies en wil het. Dit is veral in hierdie drie areas wat die mens na die gelykenis van God geskep is. Omdat Hy God is, is Sy intellek, emosies en wilskrag egter oneindig en sonder enige perke. In teenstelling hiermee is die mens beperk. Selfs die briljante Einstein het 'n beperkte verstand gehad. Geen mens kan alles weet nie; geen mens het grensloos lief nie; en geen mens se wil is soewerein in die heelal nie. Die mens is ook nie die meester van die toekoms of die noodlot nie.

Die persoonlikheid van die mens het egter 'n geestelike kapasiteit sodat hy of sy God kan ken en met Hom samesyn kan hê. Dit is waarom die Bybel dit duidelik stel dat die mens *gees en siel en liggaam [is] (1 Thessalonisense 5:23)*.

Deur sy gees het die mens die Godgegewe potensiaal om in 'n intieme verwantskap met sy Skepper te staan. Deur sy liggaam is die mens se persoonlikheid (of siel, m.a.w. sy vermoë om te dink, te kies en lief te hê) op die sigbare wêreld gerig.

Solank as wat ons die Bybelse volgorde van prioriteite handhaaf, naamlik die gees eerste, die siel tweede en die liggaam derde, is alles wel!

Iets het egter verkeerd gegaan, want vir baie mense is die orde omgekeer. Die liggaam is hulle eerste prioriteit, die siel die tweede en die gees die derde. In ons dag is dit ongelukkig so dat baie mense se denke, besluite en voorkeure deur hul fisiese, materiële en sensuele belange oorheers word, terwyl hulle geestelike kapasiteit onbenut en

dood is. In plaas daarvan dat God toegelaat word om hulle geestelike lewe te herstel en die persoon wat Hy geskep het te lei, word Hy so ondergeskik gestel of uitgeskakel dat daar geen kommunikasie tussen hierdie misleide mense en hulle Skepper is nie.

Iemand vir wie God veraf en onwerklik is, is eintlik geestelik dood. Aan die ander kant is ’n persoon wat ware samesyn met God ervaar, werklik en volkome lewendig.

> *Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur Sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus (Efesiërs 2:4-5).*

Die probleme van hierdie wêreld het alles by die wil van die mens begin. God het mense nie geskep om soos toneelpoppe te wees wat nie sonder die wil van ’n ander kan beweeg nie. Deur die toutjies te trek, beheer die poppespeler elke beweging wat die pop maak. God het egter aan ons ’n vrye wil gegee om volgens ons eie besluite op te tree. Maar, saam met die geskenk van ’n eie wil moet ons ook die morele verantwoordelikheid aanvaar vir die besluite wat ons neem. (Jy sal dit omtrent nooit hoor uit die mond van die meeste sielkundiges wat Bybelse waarhede ignoreer nie.)

’n Tragedie van geweldige omvang vir die menseras het afgespeel net nadat die eerste mense geskape is. In die tuin van Eden was daar te midde van al die bome twee besondere bome. Die een is genoem *die boom van die lewe* en die ander *die boom van die kennis van goed en kwaad (Genesis 2:9)*. God het aan Adam en Eva gesê dat hulle van al die bome se vrugte kon eet, behalwe van die boom

van die kennis van goed en kwaad. Deur hulle voor hierdie keuse te stel, naamlik ’n keuse tussen gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid, het God dit baie duidelik gemaak dat hy die mens – man en vrou – met ’n vrye wil geskep het. Dit was hulle eie persoonlike besluit of hulle Hom wou gehoorsaam of nie.

Ongelukkig het Adam en Eva in opstand gekom teen die heel beste wat God tot die mensdom se beskikking gestel het. God het vooraf geweet dat hulle besluit om ongehoorsaam te wees onbeskryflike lyding vir Hom sou meebring en dat dit ook smarte oor die hele mensdom sou bring. In Sy liefde vir Sy skepsels, en omdat Hy geweet het watter heerlikheid later beskikbaar sou wees vir diegene wat die regte besluit neem, het Hy elke mens die vryheid gegee om te kies.

Satan, die leuenaar, het sy oorredende invloed gebruik om Adam en Eva in die versoeking te bring om die verkeerde besluit te neem. Hy het die verbode vrugte begeerlik gemaak deur te beweer dat hulle soos God sou wees as hulle daarvan eet. (Satan sê nog steeds dat die mens sy “eie god” kan wees. Maar, soos wat God God is en nooit minder as God kan wees nie, is die mens ’n mens en kan ook nooit meer as ’n mens wees nie.) Satan het vir Adam en Eva verlei om hulle wil teen die wil van God te stel. As gevolg hiervan is elke nuwe geslag mense van ’n lewende, persoonlike en intieme verhouding met hulle Skepper afgesny, omdat almal afstammelinge van Adam is.

> *Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het ... (Romeine 5:12).*

Elke begraafplaas, elke hospitaal, elke weermag en elke gevangenis wat ooit in die wêreld bestaan het, is die gevolg van die mens se verkeerde keuse aan die begin van die skepping. Hierdie dodelike boosheid in die menslike ras, wat ons sonde noem, is ’n ingebore besmetting wat almal aantas. Sonde het nie net die mens se ware samesyn met God verbreek nie, maar ook die mens van sy medemens vervreem.

**Ek en jy is sondaars beide deur geboorte en deur ons eie sondige dade.**

Die psalmdigter het namens ons almal gepraat toe hy gesê het: *Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang (Psalm 51:7)*. Hierdie oorgeërfde sondetoestand is egter nie ’n verskoning vir die sondige dade wat ons almal gepleeg het nie. Die Bybel stel dit ook dat ons *die kinders van die* ***ongehoorsaamheid*** *[was wat] die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander (Efesiërs 2:2-3)*.

Ja, ons staan skuldig voor God as gevolg van ons eie ongehoorsaamheid. Niemand anders kan daarvoor geblameer word nie – nie ’n man, vrou, vriend of ouer nie. Selfs nie ons agtergrond of die omgewing waarin ons woon kan die skuld kry nie. Jy is verantwoordelik vir jou eie sonde en ek vir myne.

Die werklike rede waarom daar so baie vyandigheid en verdeeldheid onder mense is, is omdat sonde die gemeenskaplike faktor in ons almal is. Die sonde verbind ’n ateïs aan ’n gelowige en ’n Arabier aan ’n Jood. Sonde bind mense van die Derde Wêreld aan mense in

die nywerheidswêreld. Sonde bind ’n kommunis aan ’n kapitalis, ’n polisieman aan ’n misdadiger, en ’n feminis aan ’n manlike chauvinis. Of mense prostitute of predikers is, of hulle in uiterste luukse of in die swaarste armoede leef, of hulle geleerd of ongeletterd is – *almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God (Romeine 3:23)*. Sonde is die basiese oorsaak van alle spanninge wat tussen mense bestaan.

Jesus Christus is egter die sondaar se hoop! Hy het gesê: *Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering (Matteus 9:13)*. Die woord “sonde” beteken om “die merk te mis”. Of dit nou met ’n lang of ’n kort afstand is, ek en jy het die merk van God se heiligheid gemis. Uit onsself kan ons niks doen om dit reg te stel nie. Ons hoop vergeefs dat ons vrede met God sal kan vind deur reg te lewe of goed te doen. Ons redding is *nie uit werke nie, sodat niemand mag roem nie (Efesiërs 2:9)*. Dit is waarom Jesus omtrent ons verlossing gesê het: *Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie; want Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering (Matteus 9:13).*

’n Ware begrip van God se genade bring ’n oorweldigende verligting vir mense wat deur die erns van hulle persoonlike sonde aangegryp is.

*God [is] ryk in barmhartigheid (Efesiërs 2:4)*, en daarom vra Hy slegs dat ons Sy verlossing as ’n vrye geskenk sal aanvaar. *Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie;* ***dit is die gawe van God*** *(Efesiërs 2:8)*. Jesus het self die hoogste offer gebring om die deur oop te maak sodat sondaars God se heilige teenwoordigheid kan binnegaan.

Die God van genade het oorvloedige lewe vrylik beskikbaar gestel deur die Here Jesus Christus. Omdat God egter aan jou ’n vrye wil gegee het, sal Hy jou nie dwing om aan daardie lewe deel te hê nie. Hoe jy op Sy geskenk reageer, is ’n saak van groot erns. God sê: *Kyk, nou is dit die tyd van die welbehae; kyk, nou is die dag van heil (2 Korintiërs 6:2)*. Nou – en nie een of ander tyd in die toekoms nadat jy self probeer het om jou lewe in orde te kry nie. Onthou dat Jesus gesê het: *Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering (Matteus 9:13)*.

Die eerste stap in die rigting van die oplossing is om eerlik oor jou werklike probleem te wees, naamlik die probleem van sonde. Jesus se arms is uitgestrek om jou vandag nog te ontvang, waar jy ook al is en in watter toestand jy mag wees. Al wat Hy jou wil hoor sê, is: *O God, wees my, sondaar, genadig! (Lukas 18:13)*.



## ’n Brief uit C-Maksimum-gevangenis

Die volgende mededelings kom van ’n prisonier in die gevangenis met die hoogste sekuriteit in Suid-Afrika.

*“Die boek* Jou Soektog na God *... het my gehelp om die Woord van God te verstaan. Hierdie boek help ons om die ware weg van die lewe te vind. Ek glo dat u verstaan wat ek sê. My vriend het my dié boek gegee ... Ek glo God is die Skepper en dat Hy die ganse heelal geskep het. Ek glo God sal my help hier waar ek nou in die tronk is …”*

*– Verslag ingedien deur Trans Wêreld Radio*

***Besin ’n Oomblik***

1. Stem jy saam dat daar vandag iets tragies verkeerd met die samelewing is?

2. Wanneer jy siek is, is dit noodsaaklik dat jou dokter jou korrek diagnoseer voordat hy vir jou medisyne gee?

3. Hoe diagnoseer die Bybel jou probleem? Watter medisyne skryf die Bybel vir jou probleem voor?

*En 'n sekere man met die naam van Simon het vantevore in die stad met towery omgegaan en die bevolking van Samaria verbyster deur te sê dat hy iets besonders was. En almal, klein en groot, het hom aangehang en gesê: "Hy is die groot krag van God."*

*Dr. Lukas*

Hoofstuk 6

# *Waarom word mense so mislei?*

As seun het ek in ’n gebied van die Britse Eilande gewoon waaroor vyandelike bomwerpers dikwels gevlieg het. Dit was oorlogtyd en die bomwerpers was onderweg na hulle teikengebiede in die industriële Middellande en noordelike Engeland. Ek en my vriende het geleer om die gedreun van die vyandelike bomwerpers van dié van ons eie vegvliegtuie te onderskei. Wanneer die soekligte in die nag ’n vyandelike vliegtuig verlig het, was ons baie opgewonde. Ons het geweet dat ’n bomwerper soms deur die lugafweergeskut of tydens ’n geveg in die lug afgeskiet kon word.

Wanneer ’n vyandelike vliegtuig afgeskiet is, was daar altyd die moontlikheid dat die bemanningslede met valskerms sou uitspring. Die owerhede het dus al die padwysers by die kruispaaie laat afhaal om dit vir die oorlewendes moeilik te maak om hulle weg op die grond te vind. Hulle wou dit nie vir die vyand maklik maak om te ontsnap en later met nog ’n vrag bomme terug te keer nie. Om hierdie rede was daar feitlik geen borde langs die paaie nie.

Ons seuns het egter geweet dat daar buite die dorp in die Wootten-woude nog ’n klein wegwyserbordjie by ’n baie onbelangrike kruising was. Ons het dit omgedraai sodat dit in die verkeerde rigting wys en het gedink dat ons daarmee die oorlogspoging gehelp het. Ons wou soos die plaaslike owerhede ook enige onwelkome gaste op ons grondgebied verwar.

Indien so ’n persoon ’n betroubare kaart gehad het, sou die feit dat daar nie wegwyserborde was nie natuurlik geen probleem gewees het nie. Selfs ons kinderlike idee om die bord om te draai sou nie die vyand verwar het nie, tensy hy besluit het om die inligting op sy kaart te ignoreer.

God vertel vir ons wie die soort mense is wat in hulle soektog na Hom deur ’n valse wegwyser mislei word.

Om mee te begin, sal enige persoon wat verkies om die feit te ignoreer dat hierdie wonderlike heelal na die bestaan van ’n Skepper God heenwys, regtig verwar word!

> *Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword ... En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan ’n slegte gesindheid (Romeine 1:22, 28).*

’n Persoon met ’n verdorwe verstand vereer die werke van die skepping in plaas van die Skepper self. ’n Nugterdenkende persoon sal weer die Skepper vereer. As jy dus weier om te glo dat God die heelal geskep het, sal Hy jou aan ’n verdorwe verstand oorgee sodat jy aan enige vergesogte teorie sal glo oor hoe die skepping tot stand gekom het. ’n Verdorwe verstand is ’n misleide verstand!

Die Here waarsku ook dat mense wat weier om Sy Woord as die waarheid te aanvaar maklik ’n dwaalweg sal aanvaar – een wat na vernietiging sal lei. Elke persoon wat nie kies om die waarheid van God se Woord positief en aktief lief te hê nie, plaas hom- of haarself in werklikheid in ’n baie gevaarlike posisie.

> *Omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie ... sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo (2 Thessalonisense 2:10-11).*

Sodra iemand die waarheid ignoreer of verwerp, sal hy of sy maklik ’n valse leerstelling aanvaar.

Ek onthou nog goed hoe ek eenkeer probeer het om my pad huistoe deur die digte mis in Londen te vind. Net om tot by die kant van die pad te kom, was reeds baie moeilik. As ek my arm uitgestrek het, kon ek nie meer die lig van my flits sien nie. God sê vir ons dat ’n sterk misleiding, wat eintlik ook soos mis in die verstand is, aan die einde van hierdie bedeling op aarde sal heers omdat mense die waarheid van God se Woord verwerp. Jesus se dissipels het Hom gevra: *Wat is die teken van U koms en van die voleinding van die wêreld? (Matteus 24:3)*. Jesus het onder meer geantwoord:

> *Pas op dat niemand julle mislei nie ... Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei (Matteus 24:4, 24).*

Jy sê dalk op hierdie oomblik: “Wel, ek is nie mislei nie.” Jy mag selfs daarop roem dat jy maklik ’n valse christus of valse profeet sal kan uitken. Wag egter vir ’n oomblik en dink ’n bietjie na oor jou gevolgtrekking. As jy nie die waarheid liefgehad het nie, en die Here het die Satan toegelaat om jou verstand te mislei, sal jy sekerlik nie daarvan bewus wees nie. As jy geweet het dat die een of ander valse profeet jou mislei het, sou jy immers nie regtig mislei gewees het nie. Alle misleiding vind in die verstand plaas. Mense wat “intellektueel trots” is, vind dit gewoonlik moeilik om te aanvaar dat hulle verstand moontlik bedrieg is om ’n leuen te glo.

Daar is basies twee soorte mense wat die waarheid sal weerstaan wanneer hulle die Bybel lees en hulleself dus daardeur vir misleidings van die wêreld sal oopstel. Die een is ’n hoogmoedige persoon wat meen dat hy intellektueel selfstandig genoeg is om sy eie opinies te vorm. Die ander is ’n persoon wat moreel ongehoorsaam is. Vir almal wat werklik begeer om die wil van God te doen, het die Here Jesus egter ’n spesiale belofte: *As iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is, en of Ek uit Myself spreek (Johannes 7:17).*

As jy ’n opregte begeerte het om die wil van God te doen, kan jy daarvan verseker wees dat Sy Gees jou deur die Bybel sal leer wat om te glo en wat nie, asook hoe om op te tree en hoe nie.

Ons moet nogtans steeds versigtig wees om die woorde van selfaangestelde godsdienstige leermeesters te verwerp wat nie die ware Woord van God verkondig nie en probeer om ons sover te kry om verkeerde dinge te glo en te doen.

In hierdie bedeling is sommige van Satan se agente wat mense in die verkeerde rigting stuur, lede van pseudo-Christelike kultusse. Enige persoon wat gekies het om die waarheid omtrent die Godheid van die Vader, Seun en Heilige Gees te verwerp, is ’n valse profeet. Hoewel sulke mense enkele geïsoleerde verse uit die Bybel aanhaal, doen hulle dit heeltemal buite die konteks en bevorder sodoende ’n onbybelse godsdiens. Jy kan ’n valse leraar altyd uitken deur te vra: “Wie is Jesus Christus?” Dit is een van die redes waarom dit so belangrik is dat jy die Here Jesus sal ken. (Sien ook 1 Johannes 4:2-3.)

As jy werklik weet dat Jesus die Seun van God is, sal jy insien dat geheime genootskappe waarin daar ’n groot kameraderie en onderlinge hulpverlening is, maar net nog ’n vorm van geestelike misleiding is.[3] Sulke organisasies

---

3 Die Vrymesselaars is die grootste internasionale geheime organisasie in die wêreld en spog tans met ’n ledetal van omtrent tien miljoen mans wêreldwyd. Hoewel die doelstellings van “broederliefde, hulpverlening en waarheid” vir baie mense aanneemlik klink, is Vrymesselary nie so onskadelik as wat die oningewydes dink nie. Om ’n lid te kan word, moet elke kandidaat bely dat hy in die duisternis is en na die lig uitreik. ’n Volgeling van Jesus glo egter dat hy reeds die Lig gevind het. Jesus het gesê: *Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê (Johannes 8:12)*. Die inlywingseremonie in die Vrymesselaars se geheime genootskap is baie dramaties en vol simboliek. Op hierdie punt word die nuwe kandidaat van ’n Bybelse begrip van God weggelei en aan die naam “Gauto” bekendgestel. Aan die kandidaat word vertel dat Gauto die “verlore naam van God” is en dat hy die “groot argitek van die heelal is”. In teorie kan enigeen wat in God glo, ongeag of hy ’n Boeddhis, Hindoe, Moslem, Jood of Christen is, ’n Vrymesselaar word. Gauto is dus ’n mensgemaakte godsbegrip wat die aspirant-lid se gedagtes weglei vanaf Jesus Christus, *die waaragtige Lig (Johannes 1:9)*. Later, wanneer die Vrymesselaar ’n Meester-Vrymesselaar word, leer hy nog ’n ander naam vir God, naamlik “Jahbulon”. Hierdie naam is in werklikheid ’n samestelling van Joodse en Midde-Oosterse name vir God. Dit is ontleen aan JAH in Jahwe, BUL (’n vorm van Baäl) en ON, wat verwys na die Egiptiese Songod. Dit is ’n klassieke voorbeeld van sinkretisme, naamlik ’n nuttelose poging om verskillende gelowe te kombineer. Jesus het self gesê: *As dan die lig in jou donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie! (Matteus 6:23)*.

noem miskien God se naam, maar hulle ignoreer die leringe van Jesus wat gesê het:

> *Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie (Johannes 14:6).* Die Bybel is baie reguit oor diegene wat ’n misleide geloof omtrent God het: *Jy glo dat God een is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder (Jakobus 2:19).*

Die aktiwiteite van wêreldgodsdienste wat die God van die Bybel ontken, neem deesdae verontrustend toe. Verskeie sektes van die Hindoe-geloof interesseer baie mense en kry groot getalle nuwe volgelinge by. In lande wat vroeër vir hulle Bybelse tradisie bekend was, word die basiese Hindoe-filosofie bevorder in die vorm van transendentale meditasie en ander vorms van Oosterse mistisisme, soos joga en asketisme. Die onderskeie kultusse wat uit Hindoeïsme ontstaan het, vereer baie sogenaamde gode in die skepping in plaas van die Skepper God self. Ongelukkig is baie misleide mense meer gefassineer deur ’n selfverhewe ghoeroe as wat hulle in die God van die Skepping belangstel wat Homself verneder het om na die mens op die aarde uit te reik.

Die Moslemwêreld is ook met groot ywer besig om hulle geloof te verkondig. Hulle olie-dollars en groeiende politieke mag stel hulle in staat om op ’n skaal uit te brei wat ’n paar jaar gelede nog ondenkbaar was. Vanaf een van hulle grootste heiligdomme, naamlik die Rotskoepel op die Tempelberg in Jerusalem, ontken hulle heftig die wese van God se verlossingsboodskap. Op hierdie moskee staan in Arabies geskryf: “God is nie gegenereer nie en Hy kan ook

nie voortbring nie." (In Engels lui dit: "God is not begotten, neither can He beget.") Die Bybel sê egter:

> *Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy* ***eniggebore Seun*** *("His only begotten Son") gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (Johannes 3:16).*

Geestelike misleiding is nie net tot die godsdienstige wêreld beperk nie. Die sekulêre wêreld het 'n humanistiese filosofie aanvaar wat verklaar dat die mens die middelpunt van die heelal is. Dit volg dat dit die samelewing se hoogste doel is om die mens te ontwikkel. Humanisme word verkondig in universiteite, koerante, multinasionale besigheidseminare, populêre tydskrifte, en oor die radio en televisie. "Vertroetel jouself" is die selfsugtige tema wat deur advertensies gepropageer word.

Die filosofie van humanisme, wat niks meer as die verheerliking van die mens is nie, is nie so nuut as wat sommige dink nie. In Paulus se tyd het God reeds gepraat van *hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid (Romeine 1:25)*. Die Here vra 'n vraag wat 'n humanis sekerlik tot nederigheid moet stem: *Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het? Gee te kenne as jy insig het (Job 38:4)*. Dit is dieselfde ou storie. Toe Satan na Eva gekom het, het hy 'n onmoontlikheid as 'n moontlikheid voorgestel, naamlik *dat julle soos God sal wees (Genesis 3:5)*. Satan sit vandag nog sy ondermyningswerk deur die misleidende leerstellings van sekulêre humanisme voort.

Miskien is jy ’n lid van die moderne jeug wat nie belangstel in politiek of godsdiens nie. Vir jou is die politici skynheilig en godsdiens irrelevant. Jy verkies om by jou portuurgroep te wees en op ander plekke na persoonlike vervulling te soek. Jy mag dalk dink dat die lewenswyse wat deur die lirieke van “punk rock”, “new wave”, “heavy metal” en ander musiek beskryf word, jou sal help om te ontsnap van die eensame wêreld waarin jy jouself bevind.

Jy is natuurlik bewus van die woorde waarna jy luister en waarop jy dans. Hoewel jy dit nie graag só sou wou beskryf nie, moet jy saamstem dat die woorde baie keer ’n kombinasie van satanisme, sadisme en seks is. Dikwels word die verskrikkinge van die hel as ’n aanloklike alternatief vir ’n skynbare betekenislose bestaan voorgehou. Jongmense wat deur hierdie musiek verenig word, word in ’n atmosfeer wat soms die punt van waansin bereik, aangemoedig om hulself en mekaar te vernietig.

Laat ek jou vertel van ’n plek in die stad Los Angeles. Dit is ’n lykshuis wat “Die Yskas” genoem word. Hier word 600 lyke, meesal dié van jongmense, drie maande lank gehou in die hoop dat iemand hulle sal kan identifiseer. Anonieme kaartjies is aan hulle tone vasgebind. Die meerderheid van hulle word uiteindelik as ongeïdentifiseerde armlastiges begrawe. Die meeste was betrokke by dwelms – hulle het gereageer op dieselfde boodskap wat tans vanaf diskoteke en in miljoene huise oor CD-spelers uitgaan. Hulle het die verkeerde wegwyserbord gevolg en hier, aan die einde van die pad, was dit te laat om om te draai. As hulle maar net die woorde van die Here Jesus gehoor en geglo het. Hy het gesê: *Ek het gekom, dat hulle **lewe** en oorvloed kan hê (Johannes 10:10).*

Saam met hierdie verwarring is daar ook nog die fenomenale toename in belangstelling in die "swart kunste". Volgens betroubare bronne is die aktiewe belangstelling in die okkultisme vandag net so algemeen as wat dit in die Donker Middeleeue was. Dit vind plaas ten spyte daarvan dat ons in die eeu van "wetenskaplike verligting" leef.

Op die mees onverwagte plekke is daar toenemende getalle Satan-aanbidders. Professionele Sataniste van Londen kom in Kensington byeen om die "swart mis" te vier. Heksegroepe neem toe in Europa en ook in verafgeleë plekke soos Vancouver-eiland. Die donker praktyke van voorvaderaanbidding in Afrika word in spiritistiese séances dwarsoor die wêreld nagevolg. Verskeie sitkamerspeletjies soos "Dungeons and Dragons" en die ouija-bord trakteer mense se groeiende belangstelling in boosheid en bonatuurlike verskynsels. Sulke gebruike, wat soos onkruid toeneem, is die gevolg van 'n oppervlakkige geestelike nuuskierigheid. In hulle misleide soektog na God draai baie mense nie net **van** die lig van God af weg nie, maar wend hulle ook **tot** die duisternis van die okkulte vir 'n valse en leë soort geestelike vervulling. En dit alles vind plaas in ons sogenaamde beskaafde wêreld.

Dit is tot ons voordeel om te onthou wat God oor hierdie laaste dae gesê het. Hy waarsku ons teen valse profete en die onegte tekens en wonders wat met die groot misleiding van die eindtyd gepaardgaan. Die Here sê ook dat daar 'n meesterverleier op die toneel gaan verskyn, wie se *koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan (2 Thessalonisense 2:9-10).*

Omdat hierdie belangstelling in valse leringe en bose praktyke so vinnig toeneem, is dit nie moeilik om te verstaan waarom al hoe meer lande en samelewings reeds deur die onderdrukkende magte van skeptisisme, passiwiteit en moedeloosheid oordek is. Die Satan se wegwysers is te veel om op te noem, maar jy kan daarvan seker wees dat nie een van hulle na die Here Jesus Christus as die enigste Verlosser van die mensdom heenwys nie.

In teenstelling met die wêreld se sombere uitbeelding van die lewe, is God se boodskap beslis nie een van terneergedruktheid, verwarring en dood nie. Hy bring 'n boodskap van hoop, sekerheid en bruisende lewe wat daar vir ons in Christus is. As jy in jou soektog na God die Bybel lees, sal die Heilige Gees jou altyd op die Here Jesus wys, wat gesê het: *Ek is die weg en die waarheid en die lewe.* Daar kan geen ander weg wees nie, want Jesus sê verder: *Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie (Johannes 14:6)*.

God het jou teen misleidende wegwysers gewaarsku sodat jy nie mislei sal word nie. Hy het jou ook teen die toenemende misleiding van die eindtyd gewaarsku, sodat jou verstand nie verduister sal word nie. En nou gee Hy aan jou hierdie belofte:

> *Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester ... gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee. Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart. En Ek sal My deur julle laat vind, spreek die HERE (Jeremia 29:11-14).*

***Besin 'n Oomblik***

1. Watter soort verstand sal die skepsel eerder as die Skepper aanbid? (Lees Romeine 1:22-28.)
2. In jou soeke na God, wat is die sleutel wat enige intellektuele probleem wat jy het, sal ontsluit? (Lees Johannes 7:17.)
    - Is dit jou verstand?
    - Is dit jou begeerte en wil?
3. Het God vir jou 'n duidelike "rigtingwyser" gegee om jou na Hom toe te lei? (Lees Johannes 8:12.)

*Baie jare gelede het ’n seuntjie in ’n Sondagskoolklas in Engeland sy juffrou gevra: “Is God lief vir stoute seuntjies?” en die juffrou het gesê: “Nee, beslis nie.” Het die juffrou maar besef hoe onwetend lasterlik daardie antwoord was! As God nie vir stoute seuntjies lief was nie, sou Hy my nooit liefgehad het nie! Shakespeare het gesê: “Liefde wat verander wanneer dit gebreke raakloop, is nie liefde nie.”*

*G. Campbell Morgan*

Hoofstuk 7

# *Is God regtig lief vir my?*

Het jy al ooit getwyfel aan die liefde van iemand wat baie belangrik vir jou is? Of het jy al probeer om te bewys dat jy iemand liefhet as daardie persoon nie glo dat dit so is nie? In beide gevalle sal jy saamstem dat daar tye is wanneer ware liefde beter deur dade as deur woorde uitgedruk kan word.

Omdat dade soveel sterker spreek as woorde, het God Sy liefde vir jou gedemonstreer deur wat Hy gedoen het toe Jesus aan die kruis gesterf het. As jy die betekenis hiervan verstaan, sal jy geen ander verduideliking nodig hê om jou te help verstaan dat God jou liefhet nie.

Net nadat ek tot bekering gekom het, het ek die ware verhaal gelees van 'n jong beuelblaser en 'n soldaat. Hulle was albei in die weermag tydens die Anglo-Boereoorlog. Die beuelblaser se naam was Willie Holt en hy was maar 12 jaar oud toe hy toegewys is aan 'n tent met sewe goddelose soldate. Een van hierdie manne se naam was Bill. Anders as Bill, was Willie 'n toegewyde volgeling van die Here Jesus. Elke aand het hy by sy bed gekniel en stil gebid en sy Bybel gelees. Die ander soldate het hom dan gespot en gevloek.

Eendag het die opperkolonel die afdeling op die paradegrond byeengeroep. Daar was ’n dief in hulle midde en alle spore het gelei na die tent waar Willie, Bill en die ander ses soldate gebly het. Die kolonel was desperaat om die dief vas te trek en het sy ultimatum aan die hele afdeling gestel: “My vorige waarskuwings het op dowe ore geval,” het hy gesê. “Laas nag het die dief weer toegeslaan. Ek gee vandag vir die skuldige ’n laaste geleentheid om homself te identifiseer en sy straf soos ’n man te vat. As hy nie reageer nie, sal elkeen van julle tien houe met die sweep op julle kaal rûe kry. Maar as een van julle na vore kom om die straf te neem, sal die res gespaar word.”

Na ’n gespanne stilte het Willie op aandag gestaan, ’n tree vorentoe gegee en gesê: “Meneer, u het so pas gesê dat as iemand na vore sal kom om die straf te neem, die ander gespaar sal word. Meneer, ek sal daardie een wees.” Die kolonel het woedend uitgeroep aan die onbekende lafaard onder hulle: “Hoe kan jy toelaat dat ’n onskuldige jong seun jou straf verduur?” Maar niemand het geroer nie. “Goed dan,” sê die kolonel. “Nou sal julle moet toekyk hoe ’n arme onskuldige seun die straf vir die skuldige persoon dra.”

Die kolonel het sy woord gestand gedoen. Hy het beveel dat Willie se rug ontbloot moes word en toe het die wrede slae met die sweep begin. Willie het flou geword van die bittere pyn en skielik kon Bill die skouspel nie meer verduur nie. Hy het vorentoe gestorm vanuit die rye soldate en uitgeroep: “Stop! Ek is die dief. Ek sal my eie straf dra.” Net toe kom Willie by en met ’n sagte uitdrukking in sy oë fluister hy vir Bill: “Dis in orde, Bill. Die kolonel kan nie nou teruggaan op sy woord nie. Ek sal al jou straf op my neem.” En hy het!

Die jong seun het nooit herstel van die wrede houe nie. Net voordat Willie sterf, het Bill – nou ’n gebroke man – langs sy bed gesit en gehuil. “Waarom, Willie? Waarom het jy dit vir my gedoen? Ek is dit nie werd nie.” Willie se antwoord was eenvoudig, dog treffend. “Bill,” het hy gesê. “Ek het baie keer vir jou probeer vertel hoe lief God jou het, maar jy het altyd gelag. Ek het gedink dat as ek jou straf dra, dit jou dalk sou help om te verstaan hoe lief Jesus jou gehad het toe Hy op die kruis vasgespyker is om jou plek te neem en vir jou sondes te sterf.” Voordat Willie hemel toe is, het Bill die wonderlike verlossing aangeneem wat so vrylik deur die liefdevolle Christus aangebied is.

In Christus het die hemel ’n triomfantlike reddings-operasie geloods om die verlore mensdom te bereik. En dit was Liefde – die liefde van God vir ons elkeen – wat aanleiding gegee het tot Jesus se ontsaglike opoffering en lyding.

### *Die Volmaakte Mens*

Drie kruise is op die Golgota-heuwel opgerig. Aan twee van hulle is diewe gekruisig. Die Here Jesus is tussen die twee misdadigers vasgespyker en daar het Hy gesterf.

Tydens sy laaste ure van verskriklike lyding het een van die rowers sy opinie uitgespreek oor die kwasi-geregtelike stelsel waaronder hulle aldrie ter dood veroordeel is. Dit is ongelooflik dat hy op daardie oomblik nie soseer begaan was oor sy eie pyndeurdrenkte, gefolterde liggaam nie. Nee, hy het gedink aan die onregverdige straf wat die Romeinse regbank aan Jesus gegee het deur Hom dieselfde straf as die diewe te gee. Dit was hierdie skreiende onreg wat hom skynbaar gepla het. Die sterwende dief het op ’n

helder en beskeie manier drie wyse waarnemings gemaak terwyl sy uurglas besig was om uit te loop.

Eerstens, *ons ontvang nou wat ons vir ons dade verdien*. In hierdie kort en nederige stelling het die sterwende rower sy persoonlike verantwoordelikheid vir sy misdaad bely en dus sy eie persoonlike skuld erken.

Tweedens, *ons sterf immers regverdiglik*. In ons tyd waar geringe diefstal en selfs gewelddadige rooftogte dikwels voorkom, mag dit vir ons moeilik wees om te verstaan hoe ernstig sulke misdade in daardie tyd beskou is. Met hierdie paar woorde het die sterwende rower egter bevestig dat sy straf in daardie tyd sowel wettig as regverdig was.

Derdens, *hierdie Man het niks verkeerd gedoen nie*. Dit is reeds ongewoon om te lees dat die rower sy eie persoonlike skuld erken het en die regverdigheid van die regstelsel aanvaar het. Dit is egter verbasend om te lees van sy besorgdheid oor Jesus wat op die kruis langs hom gehang het. Die sterwende rower het opgemerk dat hierdie Man – hierdie Jesus – sonder skuld was en dus onregverdig ter dood veroordeel is.

Die rower wat onder sondebesef op die kruis gehang het, het geen ander hoop gehad as om hom na Jesus te wend nie. Hy het dus ernstig gesmeek: *Dink aan my, Here, wanneer U in U koninkryk kom.* Jesus reageer soos altyd op so 'n eerlike skuldbelydenis en nood, en Hy belowe dadelik: *Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees (Lukas 23:39-43).*

Soos alle berouvolle sondaars wat na die Here draai, was die sterwende dief daardie dag van die ewige lewe verseker. Hy het hom na die regte Persoon gewend, naamlik

die Here Jesus Christus, en het op die regte plek om genade gevra – by die kruis waar Jesus gesterf het.

Ja, op daardie verskriklike dag was Jesus inderdaad **sonder skuld** in een van die sterwende misdadigers se oë. Later was twee dissipels selfs meer spesifiek en hulle het getuig dat Jesus **sondeloos** was. Saam met die apostel Paulus het elkeen van hierdie dissipels sy eie persoonlike huldeblyk aan Jesus se sondeloosheid gebring.

PETRUS, ’n goeie vriend van Jesus, het bekendgestaan as ’n voortvarende persoon. Toe hy getuig van Jesus se sondeloosheid het hy getrou aan sy persoonlikheid ’n aktiewe werkwoord gebruik: *Hy wat geen sonde* ***gedoen*** *het nie (1 Petrus 2:22).*

JOHANNES was ’n spesiale vriend van Jesus. Gevolglik het hy dikwels die geleentheid gehad om Sy Here waar te neem wanneer hulle nie onder die skerp soeklig van die skare was nie. Vanuit hierdie bevoorregte posisie kon Johannes duidelik verklaar: *Geen sonde* ***is*** *in Hom nie (1 Johannes 3:5).*

PAULUS het weer bekendgestaan as ’n uitstaande akademikus. Dit is dus nie vreemd nie dat toe hierdie uiters geleerde man oor die Here Jesus praat, hy verklaar het: *Hom wat geen sonde* ***geken*** *het nie (2 Korintiërs 5:21).*

So ’n drietal van geloofwaardige getuienisse oor Christus se sondelose lewe is baie indrukwekkend. Sommige mense sal egter hierdie betroubare opmerkings as eensydig wil afmaak: “Aha, die sterwende rower en die apostels Petrus, Johannes en Paulus was nie objektiewe

getuies nie. Die sterwende dief was desperaat en die apostels was bevooroordeeld weens hulle lojaliteit aan Jesus.” Wel, wat dan van Pontius Pilatus, die Romeinse goewerneur van Judea? Hy was beslis geen vriend van Christus nie. Toe Pilatus Jesus se aanklaers met hul valse aantuigings moes antwoord, het hy verklaar:

> *En nou het ek in julle teenwoordigheid ondersoek ingestel en in hierdie Man geen skuld gevind aan die dinge waarvan julle Hom beskuldig nie (Lukas 23:14).*

Al hierdie menslike getuienis kan egter nie vergelyk word met die woorde wat God die Vader vanaf Sy troon in die hemel gespreek het nie. Wanneer iemand in ’n openbare vergadering moet praat, is dit erkende praktyk om so ’n persoon op ’n beleefde wyse voor te stel. Net so het God die Vader vir Homself die voorreg toegeëien om Sy geliefde Seun voor te stel net voordat Hy met Sy openbare bediening sou begin. Met ’n wekroep uit die hemel het die Vader gesê: *Dit is My geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het (Matteus 3:17).*

Die Vader het geweet dat terwyl Jesus as mens in hierdie wêreld was, Hy geleef het soos wat God bedoel het die mens moes leef. Elke ander persoon op aarde *ontbreek aan die heerlikheid van God (Romeine 3:23)*, maar nie Jesus nie! Hy was in elke opsig volmaak. Toe Jesus dus met Sy openbare bediening moes begin, het Sy Vader Hom voorgestel. Dit was Sy *Heilige Vader (Johannes 17:11)* wat Sy tevredenheid met die wyse waarop Jesus gelewe het, bevestig het.

Soos ons reeds verduidelik het, was die Here Jesus nie minder goddelik as God nie. Dit is dus ontsagwekkend dat die Seun van God Homself verneder het deur neer te daal en vlees te word en uit ’n maagd gebore te word. As Jesus as mens Hom nie heeltemal ondergeskik aan Sy Vader gestel het nie, sou Hy nie suiwer vreugde vir Sy Vader gebring het nie. Tydens Sy aardse pelgrimstog was Jesus egter altyd gehoorsaam aan en afhanklik van Sy Vader. Sy menslikheid het die aardse uitdrukking geword van Sy hemelse Vader se heiligheid, liefde en doelwitte in ’n wêreld van lyding, selfsugtigheid en sonde.

Ja, as mens het Jesus gewandel op die einste planeet wat Hy self geskape het. Vir 33 jaar het Hy Sy goddelikheid afgelê en vir die mensdom gewys hoe God wou gehad het dat hulle voor Hom moes leef. Niks in Jesus se menslikheid het ooit dit wat God die mens gemaak het om te wees, geskend nie. Tydens Sy leeftyd op die aarde was Hy die hele tyd beskikbaar vir Sy Vader in die hemel. Die Vader was dus diep verheug toe Hy na Sy eie geliefde Seun kyk; dié Een wat as die **volmaakte** mens onder die mense geleef het.

Skuldeloos! Sondeloos! Volmaak! Vir die sterwende rower en Pontius Pilatus was Jesus sonder skuld. Vir Petrus, Johannes en Paulus was Jesus sonder sonde. Vir die Heilige Vader in die hemel was Jesus volmaak. Skuldeloos! Sondeloos! Volmaak! En tog het Hy gesterf – Hy het vrywillig vir ons gesterf omdat Hy elkeen van ons baie liefhet!

### *Liefde Sonder Grense*

Sien nou in jou verbeelding hoe jy tussen die toeskouers staan wat die vreeslike gebeure van daardie Goeie Vrydag

aanskou. Die skare staar verstom na die kruis. Voor hulle oë speel ’n aaklike skouspel af en hulle word met ’n skokkende toneel met ’n wrede kontras gekonfronteer.

Aan weerskante van Jesus hang ’n misdadiger. Albei mans is skuldig bevind deur hul eie mense en albei was ook skuldig voor hul Skepper. Die landswette het vereis dat hulle die doodstraf moes ontvang.

Tussen hierdie twee mense hang Jesus op Sy eie kruis. In skrille kontras met die rowers is Jesus nie net skuldeloos en sondeloos voor die mens nie, maar ook volmaak voor Sy Heilige Vader. Ja, *God [het] in Christus die wêreld met Homself versoen (2 Korintiërs 5:19)*. Jesus het as ’n *lam sonder gebrek en vlekkeloos (1 Petrus 1:19)* na die kruis gegaan. Sy dood as plaasvervanger vir alle sondaars was vrywillig, gebore uit God se hart van liefde.

Die rowers moes sterf, maar Jesus het nie die dood verdien nie. Toe Hy vroeër met Sy kritici gepraat het, het Jesus gesê: *Daarom het die Vader My lief omdat Ek My lewe aflê om dit weer te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem ... (Johannes 10:17-18)*. Toe Jesus aan Sy dissipels verduidelik tot watter mate Sy liefde binnekort bewys sou word, het Hy gesê: *Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee (Johannes 15:13)*.

Die apostel Paulus het na die dood en opstanding van die Here Jesus verder beklemtoon dat God *Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak [het], sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom (2 Korintiërs 5:21)*. Eeue later is die wonderlike waarheid van Christus se

liefdesoffer ter wille van ons sonde in hierdie betekenisvolle woorde uitgedruk:

U is my geregtigheid,
ek was U sonde,
U het geneem wat myne was
En vir my gegee wat U s'n was,
U het geword wat U nie was nie,
sodat ek kon word wat ek nie was nie.

### *'n Graankorrel*

Baie bewus van Sy naderende dood het die Here Jesus Sy hart teenoor Sy dissipels oopgemaak en gesê:

> *Nou is My siel ontsteld, en wat sal Ek sê? Vader, red My uit hierdie uur? Maar hierom het Ek in hierdie uur gekom. Vader, verheerlik U Naam!* Die Vader het met sagtheid op hierdie algehele toewyding aan Sy eer gereageer: *Ek hét dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik (Johannes 12:27-28).*

**Jy mag miskien wonder hoe die Vader ooit verheerlik kon word in so 'n gewelddadige Romeinse kruisigingstoneel?**

Voordat die Here Jesus tot Sy Vader gebid het, het Hy Sy dissipels reeds daaraan herinner dat 'n saad wat moet ontkiem, eers moet sterf voordat daar 'n oes kan wees.

> *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug (Johannes 12:24).*

Omdat Jesus sondeloos was, het die dood geen aanspraak op Hom gehad nie. Hy het egter gekies om ’n wrede dood te sterf as die plaasvervanger vir my en jou sonde. Op hierdie manier kon Hy ’n ewige oes van geredde mense inbring. Jesus vertel dus van Sy plan, en Hy gee ook aan elke ware gelowige ’n belofte:

> [Sy plan] *Ek het van die Vader uitgegaan en in die wêreld gekom. Weer verlaat Ek die wêreld en gaan na My Vader.* [Sy belofte] *En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is (Johannes 16:28; 14:3).*

Dit is wonderlik! Dis eintlik onbegryplik dat sommige mense ten spyte van die Verlosser se wonderlike liefde vir hulle steeds kies om die vergifnis wat Hy aanbied, te verwerp. Ander bly weer passief en neutraal omtrent Sy dood. Of mense Hom aktief as Verlosser verwerp of passief ignoreer, bly die resultaat dieselfde, naamlik ewige verwydering van die enigste bron van die ewige lewe, ewige lig en ewige liefde. Hierdie vreeslike toestand is al só beskryf:

> Sterwende sal jy sterf,
> So ’n groot dood sal jy sterf,
> Ewig sterf, immer sterf,
> En tog nooit dood wees nie.

**Die Here Jesus het egter nie net gesterf om jou uit die hel te hou en in die hemel te bring nie, maar ook om God “uit” die hemel en in jou te kry!**

Nee, die ewige lewe is nie net die versekering van my toekoms in die hemel nie. Uit die Bybel weet die ware gelowige dat die ewige lewe ook ’n wonderlike, teenwoordige, lewende werklikheid is.

> *En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in Sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie (1 Johannes 5:11-12).*

Die ewige lewe is te vind in ’n Persoon, naamlik die Here Jesus Christus. En wanneer Hy in die mens se hart kom woon, begin die ewige lewe reeds op daardie oomblik.

### *Die Ontsaglike Prys*

Die kruis van Jesus het God se heiligheid, regverdigheid en liefde byeengebring in die hoogste offer ooit. Aan die kruis is God se heiligheid verdedig en is daar aan Sy geregtigheid voldoen. Daar het Sy liefde sondige mense soos ek en jy omhels. Dit het Hom egter ’n ontsaglike prys gekos.

In sy boek, *My Allerbeste vir Sy Hoogste*, het Oswald Chambers gewaarsku:

> Waak daarteen om op die volgende manier oor die Vaderskap van God te dink: “Natuurlik sal God ons vergewe – Hy is immers so gaaf en liefdevol.” Hierdie sentiment het hoegenaamd geen plek in die Nuwe Testament nie. Die enigste gronde waarop God sonde kan vergewe en ons weer in Sy guns kan stel, is deur die kruis van Christus, en daar is geen ander manier nie. Selfs al weet ons dat dit waar is

en ons aanvaar die vergifnis van sonde met eenvoud van hart, bestaan die gevaar steeds dat ons vergeet teen watter ontsettende prys God dit vir ons moontlik gemaak het.

Ons het vroeër van die onselfsugtige daad van Willie Holt vertel. Daar is egter geen menslike voorbeeld wat werklik die lyding wat Jesus en die Vader by Golgota verduur het, vir ons kan illustreer nie. Deur die Gees-geïnspireerde Woord wat ons die Heilige Skrif noem, het God self die gordyn eenkant toe getrek om ons ’n beter kykie van die aard van so ’n opofferende liefde te gee. Selfs dan word die kapasiteit van ons beperkte begrip deur die grootheid van Sy liefde oortref. Wanneer ons egter oor hierdie verbasende daad van liefde begin nadink, kan ons begin om iets van die lengte, breedte, hoogte en diepte van God se liefde te waardeer.

**Toe Jesus op die kruis gesterf het, het Hy op drie maniere vir ons sondes gely.**

Aan die kruis was Jesus se liggaam met foltering deurtrek; aan die kruis was Sy liefde tot die uiterste toe beproef. En nog meer traumaties was dat Jesus aan die kruis afgesny was van die lig, heerlikheid en vrede wat Hy nog altyd in Sy eenheid met die Vader geniet het. Ja, die lyding wat Jesus verduur het, is werklik bokant ons menslike verstand.

Wanneer ons dink aan Sy fisiese, emosionele en veral Sy geestelike lyding, sal ons ’n nuwe waardering hê vir Sy liefde vir die sondige mensdom.

**Fisiese lyding:** Dit is werklik onmoontlik om die vernietiging van 'n onskatbare Rembrandt-skildery met die verlies van 'n stukkie vuil papier te vergelyk. Soveel te meer kan die dood van die volmaakte mens, Jesus Christus, nooit na behore aan die dood van enige ander mens gelykgestel of selfs daarmee vergelyk word nie.

In die Ou Testament vind ons 'n profesie wat die fisiese misvorming van Jesus akkuraat voorspel. Daar word aan ons vertel: *so misvormd was Sy voorkoms, geen mens meer nie, en Sy gestalte was nie soos dié van 'n mensekind nie (Jesaja 52:14)*. Miskien besef ons nie die volle trefkrag van die oorspronklike Hebreeuse teks nie. In hierdie vers het God verduidelik dat Sy geliefde Seun so onmenslik behandel sou word dat Hy nie meer soos 'n mens sou lyk nie. Jesus het self die verminking van Sy fisiese gestalte voorspel:

> *Kyk, sê Hy, ons gaan op na Jerusalem, en die Seun van die mens sal oorgelewer word aan die owerpriesters en die skrifgeleerdes, en hulle sal Hom tot die dood veroordeel en Hom oorlewer aan die heidene; en hulle sal Hom bespot en Hom gésel en op Hom spuug en Hom doodmaak; en op die derde dag sal Hy opstaan (Markus 10:33-34).*

En dit is presies wat gebeur het! Later het Markus beskryf wat die ooggetuies gesien het: *En hulle **slaan** Hom met 'n riet op die hoof en **spuug** op Hom en val op die knieë en bring Hom hulde. En toe hulle Hom **bespot** het, trek hulle Hom die purperkleed uit en trek Hom Sy eie klere aan; en hulle lei Hom weg om Hom te **kruisig** (Markus 15:19-20).*

Die Romeinse gesel wat die Verlosser se liggaam verskeur het, is gemaak van leerrieme met skerp stukkies been of lood aan die punte. Hierdie voorwerpe het die vlees op Sy rug en bors wreed oopgeskeur. Dit is waarom die psalmis geprofeteer het dat die Messias sou sê: *... hulle het My hande en My voete deurgrawe. Al My beendere kan Ek tel; hulle kyk, hulle sien met welgevalle op My neer! (Psalm 22:17-18)*. Ja, hoewel die Here Jesus in elke opsig volmaak was, het Hy ’n pynlike, folterende dood gesterf. Die wrede fisiese skending wat Hy verduur het, het letterlik Sy fisiese voorkoms verontmenslik.

Help dit jou om beter te verstaan hoe lief God jou het?

**Emosionele lyding:** Hoewel die fisiese lyding van ons gekruisigde Heer bokant ons menslike begrip is, was dit maar net ’n deel van Sy werklike lyding. Sy fisiese pyn is oorskadu deur Sy innerlike foltering.

Aan die kruis het Jesus ook groot emosionele lyding verduur. Johannes het die gebeure van daardie aaklike ure só opgeteken:

> *Maar toe hulle* [die Romeinse soldate] *by Jesus kom en sien dat Hy al dood was, het hulle Sy bene nie gebreek nie. Maar een van die soldate het met ’n spies in Sy sy gesteek, en dadelik het daar bloed en water uitgekom (Johannes 19:33-34).*

Ek het al mediese kenners hoor sê dat die teenwoordigheid van beide bloed en water daarop wys dat Jesus aan ’n gebroke hart gesterf het. Sommige hartspesialiste verklaar hierdie verskynsel verder en beweer dat toe Jesus se hart fisies gebreek het, Sy bloed die vergrote

omliggende sak van die perikardium binnegesypel het. Dit sou verklaar waarom daar bloed én water uitgekom het toe die soldaat ’n spies in Jesus se sy gesteek het. In Psalm 69:21, wat een van talle ander akkurate profesieë oor Christus se dood is, lees ons ’n profetiese voorafskaduwing van Sy hartgebroke lyding: *Die smaad breek My hart, en Ek is verswak ...* Ja, Jesus se onbeskryflike emosionele lyding het letterlik Sy liefdevolle hart gebreek.

Die somtotaal van die smarte van die menslike ras het oor Jesus se hart van liefde opgestoot. Die ondenkbare, onbeskryflike vuilheid van die sonde het oor Sy vlekkelose siel gespoel – die *onbesmette* siel van Hom wat *afgeskeie [is] van die sondaars (Hebreërs 7:26)*. Jesus het daarna aan ’n gebroke hart gesterf.

Help dit jou om beter te verstaan hoe lief God jou het?

**Geestelike lyding**: Die meeste mense kan meer geredelik Jesus se fisiese en emosionele lyding as Sy geestelike foltering verstaan. Die grootste lyding was egter toe Sy ewige eenheid met die Vader en die Heilige Gees verbreek is.

Vir drie ure van verlate donkerheid – vanaf twaalfuur die middag tot drie-uur in die namiddag – was Jesus deur God en die Heilige Gees verlaat. In daardie tyd het die Seun van God met ’n groot stem uitgeroep: *My God, My God, waarom het U My verlaat? (Matteus 27:46).*

Op daardie verstommende dag is die ewige Drie-eenheid van die Godheid wat in die ewigheid in ontoeganklike lig gewoon het, verbreek. Dit is gebreek as gevolg van my en jou sonde. Toe Jesus aan die kruis hang, kon God nie saambestaan met die sonde wat Jesus in Sy sondelose

liggaam gedra het nie. God het *Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak ... (2 Korintiërs 5:21).*

Dit is dus nie vreemd nie dat terwyl Jesus gesterf het, hierdie bose wêreld vir drie plegtige ure lank in ’n vreemde duisternis gehul was. Isaac Watts (1674–1748) het dit só beskryf:

*Well might the sun in darkness hide*
*And shut his glories in,*
*When Christ, the mighty Maker, died*
*For man the creature’s sin.*

Ons lees in die Bybel: *God is lig, en geen duisternis is in Hom nie (1 Johannes 1:5)*. Die lig van God se heiligheid en die duisternis van die mens se sondigheid kan nooit saambestaan nie. Net soos wat die donkerte sal wyk wanneer jy die lig aansit, so sal die duisternis ook die oorhand kry sodra die lig afgeskakel word. Die duisternis het oorheers toe Jesus die sonde van ’n verlore mensdom gedra het.

Hierdie geestelike duisternis sal ongelukkig ook die ewige toestand van diegene wees wat van die lig van God se reddende liefde af wegdraai. Dit is ’n donkerte wat dikker is as die middernag-duisternis; dit is eensamer as alleenopsluiting en dit is langer as tyd self. *Want dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos (Johannes 3:19)*. Om van Jesus weg te draai, sal op geestelike duisternis en dood uitloop – geestelike dood en ewige dood. Om na Jesus te draai, sal die lewe tot gevolg hê – geestelike lewe en ewige lewe.

### *Die Oorwinnaar se Kreet*

Toe hierdie drie eensame ure van duisternis amper verby was, het Jesus nie weemoedig gekla “Ek is gedaan” nie. Verseker nie! Die verlossingsdaad van liefde was voltrek. Hy het dus triomfantlik verklaar: ***Dit is volbring*** *(Johannes 19:30)*.

**Die prys vir my en jou sonde is ten volle betaal. Finaal klaar!**

Nadat Jesus Sy verlossingswerk voltooi het, was die gemeenskap van lig wat Hy voorheen in die Drie-Enige Godheid geniet het (Johannes 17:5), vir ewig herstel. Nou is daar niks meer vir my en jou oor om te doen om vir ons sonde te betaal nie. Daar is ook niks wat Satan kan doen om die voltooide werk van Jesus om my en jou onthalwe ongeldig te verklaar nie. Die angel van die duiwel, naamlik die tande van die ou slang, is uitgetrek.

### *Dood Oorwin die Prins van die Dood*

Die rede waarom God die Seun Homself met vlees en bloed beklee het, was nie net sodat Hy vir ons sondes kon sterf nie, maar ook *sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het; dit is die duiwel (Hebreërs 2:14)*.

Net soos wat Dawid Goliat se eie swaard gebruik het om die bewustelose reus tot niet te maak, so het Jesus ook Satan se eie wapen – die dood – geneem en dit gebruik om hom totaal mee te verslaan. Jesus is die ware Bevryder van alle mense. Hy is die Redder en Saligmaker – die enigste Een wat in staat is om mense van die ewige dood en hul geestelike slawerny te bevry. In Satan se rebellie teen God

wat die mens in Sy eie beeld gemaak het, het hy hierdie slawerny vir elke persoon ten doel gehad.

Jesus het in Sy menslike liggaam van ware vlees en been die duiwel verslaan, die dood oorwin en uit die graf opgestaan. Dan lees ons hoe Jesus opgevaar het na die hemel, waar Hy *as voorloper vir ons ingegaan het (Hebreërs 6:20).* Vir die eerste keer het ’n mens – ’n **skuldelose, sondelose, volmaakte Mens** – die hemel binnegegaan. Deur Sy dood aan die kruis kon Jesus die weg na die hemel baan sodat die mens Hom in oorwinning kan volg.

**Charles Wesley was daarvan oortuig dat God hom regtig liefgehad het. Hy het geskryf: “Amazing love: how can it be; that Thou, my God, should die for me?”**

## *Christus het Opgestaan!*

> *Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. Want aangesien die dood deur ’n mens is, is die opstanding van die dode ook deur ’n mens (1 Korintiërs 15:20-21).*

Wyle dr. Sangster was een van die begaafste sprekers wat ek nog ooit gehoor het. Hy het sy welsprekendheid gebruik om oor Sy Here en Verlosser, Jesus Christus, te praat. Voor sy dood kon dr. Sangster weens kanker in sy mond egter glad nie meer praat nie. Net voordat hy hemel toe is, het hy vir sy dogter beduie om vir hom ’n potlood en papier aan te gee. Op daardie Paassondag-oggend het hy geskryf: “Dit is beter om geen tong te hê nie, maar ’n brandende begeerte

om uit te roep *Christus het opgestaan,* as om ’n tong te hê maar geen begeerte om uit te roep nie!”

Toe die apostel Paulus voor koning Agrippa verskyn om homself teen valse aantuigings te verdedig, het hy sy toehoorders vertel van sowel die lyding as die opstanding van Christus – *die Christus moes ly en* ***die eerste wees uit die opstanding van die dode****, en ’n lig aan die volk en die heidene ... verkondig (Handelinge 26:23).*

Die Nuwe Testament vertel egter ook van ander persone wat fisies uit die dood opgewek is, nog voor Jesus se opstanding plaasgevind het. Daar was Lasarus, die dogtertjie van Jaïrus, en die seun van die weduwee van Nain. Hoewel Jesus hierdie mense met ’n wonderwerk tot die lewe hier op aarde herstel het, het hulle almal weer na ’n aantal jare gesterf. Dit was egter nie die geval met die Here Jesus Christus nie. Hy is nie net fisies lewend nie, maar ook geestelik en ewig lewend. Hy was inderdaad die eerste persoon wat só uit die dood sou opstaan!

Hoe sou ’n doodsgraf en ontbinding die Skepper van alle lewe kon vashou? Die Gees van die Skepper God het die Here Jesus Christus uit die dood opgewek. *“Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word” (Handelinge 2:24).* Omdat Jesus Christus as die volmaakte Mens die Verlosser is, kon lewe uit die graf voortkom. Hy het die weg na die hemel gebaan vir elkeen wat Hom in geloof sou ontvang. Aan hulle is belowe:

> *Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur Sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus – uit genade is julle*

*gered – **en** saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus (Efesiërs 2:4-6).*

Die apostel Paulus herinner die gelowiges in die stad Korinte daaraan dat hulle van die gevolge van hulle sondes gered is. Dit is omdat hulle die boodskap ontvang (geglo, vertrou) het dat *Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte (1 Korintiërs 15:3-4)*. Vandag rus elke ware gelowige in die wonderlike wete dat Christus vir hulle sondes gesterf het, opgestaan het en hulle nuwe lewe in Hom gee.

### *Vanaf Dag Een tot Dag Drie*

Jy mag dalk wonder wat gebeur het met Jesus vandat Hy gekruisig is totdat Hy drie dae later uit die graf opgestaan het. God het geweet dié vraag sou gevra word en daarom sê die Bybel:

*Maar dit: Hy het opgevaar – wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde? Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring (Efesiërs 4:9-10).*

Ja, die Bybel vertel ons dat die Here Jesus, nog voordat Hy na die hemel opgevaar het, na die "onderste dele van die aarde" neergedaal het. Daarna het Hy na die hemel opgevaar en diegene wat in die Ou Testamentiese tyd as gelowiges gesterf het, saam op 'n oorwinningstog gelei. Vandag weet elke ware gelowige dat die deur van die dood

in werklikheid ’n poort na die heerlikheid is. Christus het namens ons oor die fisiese en geestelike dood getriomfeer.

> *Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning? Die angel van die dood is die sonde, en die krag van die sonde is die wet. Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus (1 Korintiërs 15:55-57).*

## Bylaag – Die Erflating van Sy Liefde

Dit is wonderlik om te weet dat die Here Jesus die weg na die hemel gebaan het en ons nou in Sy triomftog kan volg.

Dit is net so wonderlik om te weet dat Jesus voor Sy dood uit liefde vir Sy eie beloof het om ná die hemelvaart die Heilige Gees na die gelowiges op die aarde te stuur.

Hy het aan Sy dissipels gesê:

> *Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie (Johannes 7:38-39).*

> *En nou gaan Ek na Hom wat My gestuur het ... En Ek sal die Vader bid, en Hy sal vir julle 'n ander Trooster gee ... die Gees van die waarheid ... Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur ... Hy sal My verheerlik (Johannes 16:5; 14:16-17; 16:7, 14).*

Ons het reeds opgemerk hoe God in die dood van Sy Seun verheerlik is. Jy mag nou dalk vra hoe Jesus verheerlik kon word deur die Heilige Gees na ons te stuur?

Hierdie vraag word deels beantwoord deurdat Jesus in die lewe van gelowiges verheerlik word as die liefde van God deur hulle vloei. Ons lees dat *die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons*

*gegee is (Romeine 5:5)*. God se liefde kom woon in ons en dit word ’n werklikheid deur die Heilige Gees. Hierdie liefde oortref by verre die hoogste vlak van enige menslike toegeneentheid of liefde. As jy in geloof op Sy voltooide werk aan die kruis reageer, sal die Here Jesus deur die Heilige Gees ander mense deur jou begin liefhê. Wat ’n wonderlike waarheid!

As jy glo dat Christus vir jou sondes gesterf het en Hom uit jou hart dankie sê daarvoor, sal jy persoonlik verseker wees van God se vergifnis en reddende liefde.

As jy dan jou lewe vir die Here Jesus beskikbaar stel om in te woon, sal jy ’n instrument word van Sy liefde in ’n liefdelose wêreld.

’n Duitse teoloog wat bekend was vir sy kennis is eenmaal die vraag gevra: “Wat is jou diepste gedagte aangaande God?” Sy antwoord, ’n refrein uit ’n kinderliedjie, het verras: “Jesus min my; salig lot; ek weet dit uit die Woord van God.”

**Ja, God het my werklik lief! En ja, God het jou REGTIG lief!**

O die liefde wat verlossing beplan het,
O die genade wat dit na ons toe gebring het,
O die magtige kloof wat God oorspan het,
By Golgota!

Genade en guns was groot en vry,
Vergifnis was menigvuldig vir my,
Daar het my gekwelde siel vryheid gekry,
By Golgota.

# ’n Brief uit Irak

*“Ek was deel van ’n Moslem-huishouding. My familie het my geleer hoe om soos ’n Moslem te bid en te vas. Ek het aangetrek soos die Moslemvroue sodat geen man sou sondig deur na my gesig te kyk nie. Ek het weens dit alles baie tyd op hande gehad en min gehad om te doen. Ek het dus na baie radioprogramme geluister en onder meer talle boodskappe uit die Bybel gehoor. Eendag het ek gesien my skoonsuster het mooi, kleurvolle adresplakkers. Ek het toe my eerste brief geskryf onder my skoonsuster se adres. U het vir my die boekie* Jou Soektog na God *gestuur.*

*Ek het probeer verstaan wat dit beteken om na God te soek ... In Hoofstuk 7 is die vraag gestel: ‘Het God my regtig lief?’ Ek is in die besonder getref deur die paragraaf wat sê: ‘God toon Sy liefde vir jou deur wat Hy vir jou op die kruis gedoen het. Wanneer jy die betekenis van die kruis verstaan, sal jy nie verdere bewyse nodig hê dat God jou liefhet nie.’*

*Ek het hierdie hoofstuk meer as 100 keer gelees. Toe het ek sonder enige twyfel verstaan dat die kruis die enigste weg vir my was.”*

*– Verslag ingedien deur Trans Wêreld Radio*

***Besin 'n Oomblik***

1. Wat is die beste manier om jou liefde aan iemand te bewys?
    - Is dit deur wat jy sê?
    - Is dit deur wat jy doen?
2. Hoe het God Sy liefde aan jou bewys?
3. Wat is jou persoonlike reaksie op God se liefde?

*In die elektroniese atmosfeer van die operasieteater leer elke chirurg om bloed met lewe te assosieer. Die twee is onafskeidbaar; as jy die een verloor, verloor jy albei.*

*Dr. Paul Brand*

Hoofstuk 8

# *Waar kan ek lewe vind?*

Dit was bykans middernag. As deel van 'n vermoeiende treinreis van 18 ure was ek en my vrou saam met honderde medereisigers op die stasie van Gare St. Lazare in Parys. Ons het almal geduldig gewag dat die spoorwegbeampte die versperring moes open sodat ons op die trein kon klim.

Die meeste van diegene rondom ons was jongmense. Soos wat ek en Dorothy tussen hulle deurgeloop het, het dit gelyk of elke land in Europa daar verteenwoordig was. Sommige van die seuns en dogters het probeer om 'n rukkie te slaap, so met hulle rugsakke ongemaklik onder die kop ingedruk. Terwyl hulle uitgestrek op die sypaadjie gelê het, het hulle vriende waggestaan en toebroodjies geëet of water uit bottels gedrink.

Terwyl ons gewag het, het ons met sommige van die jongmense begin gesels en lag. Ten spyte van hul jeugdige opgewondenheid was dit mettertyd duidelik dat hulle

geweet het dat hulle nog nie die ontwykende "lewe" gevind het waarna hulle so gesoek het nie. Spoedig het ons gesprek na die Persoon gedraai wat saam met my en Dorothy gereis het – die Here Jesus Christus!

Sommige van hierdie rustelose en avontuurlustige jongmense het hulle harte teenoor ons oopgemaak en hulle behoefte aan "ware" lewe met ons gedeel. Party het gehoop dat hulle dit in die volgende stad sou vind; ander het gedink dat hulle dit in die volgende vriendskap sou vind; en nog ander het onbeskaamd geglo dat hulle hul lewenservaring met die volgende dwelm- of dronkparty sou verbreed. 'n Groot bron van bekommernis onder sommige van hulle was die vrees dat hulle deur 'n dodelike siekte besmet sou word.

In afgeleeë dorpies in Afrika noem hulle hierdie gevreesde besmetting "die maer man se siekte". In mediese taal word so 'n persoon as HIV-positief gediagnoseer. Wanneer die siekte ten volle in die man, vrou, seun of dogter ontwikkel het, word dit vigs genoem. Die reaksie op die gevreesde nuus dat 'n persoon hierdie siekte opgedoen het, is altyd dieselfde, naamlik oombliklike en algehele verplettering. Oral in die wêreld weet mense dat die verskriklike teistering deur vigs 'n "siekte van die bloed" is. Terwyl die bloedstroom 'n reinigende stroom van lewe moes gewees het, het dit nou 'n besmette stroom van die dood geword.

Ek moet erken dat hoewel bloed 'n belangrike lewegewende komponent is, ek nog altyd by die aanskoue daarvan gegril het. Ek het selfs eenkeer dapper probeer

om my fobie te oorkom deur op uitnodiging ’n chirurgiese operasie vanaf ’n spesiale vertrek waar te neem. Dit was in ’n hospitaal in Londen. Toe die mes deur die pasiënt se vel sny, het ek byna flou geword. My doktervriend het gesien dat ek natgesweet en doodsbleek was. Hy het voorgestel dat ek die waarnemingsvertrek verlaat. Ek het geen verdere aanmoediging nodig gehad nie!

Ongeag ’n persoon se reaksie by die aanskoue van bloed, kan iemand wat aan ernstige bloedverlies ly se lewe en gesondheid deur ’n bloedoortapping gered word. Danksy die wonder van die hedendaagse mediese wetenskap kan bloed uit die are van ’n gesonde persoon onttrek word en dan later as ’n lewegewende stroom in die are van ’n ernstig siek of sterwende pasiënt oorgetap word.

Lank voordat mediese navorsing die wonder en misterie van bloed begin onthul het, het God self reeds verklaar: *Want die siel van die vlees is in die bloed (Levitikus 17:11)*. Dr. Paul Brand stem heelhartig saam dat bloed die essensie van lewe bevat: “In die elektroniese atmosfeer van die operasieteater leer elke chirurg om bloed met lewe te assosieer. Die twee is onafskeidbaar; as jy die een verloor, verloor jy albei.”

Die besoedeling van bloed deur ’n infeksie soos HIV is selektief, afhangende van die persoon se blootstelling daaraan. Baie mense is egter nie daarvan bewus dat daar ’n ander “bloedsiekte” is wat universeel voorkom nie. Omdat God *uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak [het] om oor die hele aarde te woon (Handelinge 17:26)*, het hierdie dodelike besmetting die hele menslike geslag aangetas. In die Bybel word die oorsprong

daarvan na Adam teruggevoer, wat die aartsvader van alle opeenvolgende generasies is.

Toe *die eerste mens, Adam (1 Korintiërs 15:45)* gesondig het, het alle daaropvolgende geslagte – van watter velkleur, woonplek of vlak in die samelewing ook al – onder ’n doodsvonnis gekom. Die Bybel sê baie duidelik dat *almal in Adam sterwe (1 Korintiërs 15:22)*. Ja, soos die dood deur vigs deur middel van besmette bloed na die liggaam oorgedra word, so ook word die besmetting wat deur sonde veroorsaak is van een geslag na die ander oorgedra. As dit nie so was nie, sou mense reguit hemel toe gegaan het sonder om deur die dal van fisiese siektes en dood te gaan. Dit is egter nie die geval nie.

Dank God dat, toe Jesus gebore is, ’n lewegewende stroom bloed tot die menslike geslag se beskikking gestel is. Dit is hoe dit gebeur het: die engel Gabriël het aan Maria gesê dat sy aan ’n Seun geboorte sou skenk en dat sy Hom Jesus moes noem. Gabriël het ook aan hierdie kuise, ongetroude maagd verduidelik hoe die bevrugting sou gebeur:

> *Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word (Lukas 1:35).*

’n Wonderwerk het plaasgevind toe die saad van die vrou deur die Heilige Gees bevrug is. Deur hierdie dramatiese gebeurtenis het die lewe van God die mensdom binnegekom. Soos wat die babatjie in Maria se baarmoeder gegroei het en bloed in die embrio gesirkuleer het, was Sy

eie kosbare bloed onvervals en onbesmet. Ja, die bloed van die Here Jesus was die lewe self![4]

Menslike bloed is ’n uiters komplekse vloeistof. Die mediese navorsing ontdek steeds meer van die lewegewende geheimenisse van hierdie wonderlike vloeistof. Eenvoudig gestel kan sommige van die funksies van die bloed in die menslike liggaam beskryf word as dié van liggaamsreiniging, lewegewing en siektewering. Wonderlik soos wat dit is, is dit nog wonderliker om te weet dat God aan my en jou ’n bloedstroom beskikbaar stel wat ’n soortgelyke en veel kosbaarder doel as die mens se bloed dien. Hierdie bloed is daar vir almal wat ware lewe soek. Vir die sondaar is die bloed van Jesus God se reinigingsmiddel vir sonde. Aan die geestelik dooie persoon verleen Sy kosbare bloed Lewe met ’n hoofletter “L”. Vir diegene wat geestelik lewendig is, is die bloed van Jesus God se beskermingsmiddel teen die aanslae van Satan. Van hierdie kosbare bloed lees ons:

---

4 In sy boek *The Chemistry of the Blood*, haal dr. M.R. DeHaan (M.D.) verskeie erkende fisiologiese, verloskundige en verplegingspublikasies aan en kom dan tot die gevolgtrekking: “Die moeder voorsien die fetus (die ongebore, ontwikkelende kind) van voedingstowwe vir die opbouing van sy klein liggaampie in haar baarmoeder, maar al die bloed wat in die kind gevorm word, word in die embrio self gevorm. Vanaf bevrugting tot en met die geboorte van die kind gaan nie ’n enkele druppel bloed van die moeder af na die kind toe nie.” In sy boek *Written in Blood*, lewer dr. Robert E. Coleman egter die volgende kommentaar hierop: “Sonder om hierdie standpunt te probeer diskrediteer [naamlik DeHaan se siening dat die bloed in die menslike liggaam deur die invloed van die manlike sperm in die fetus self gevorm word en dus geen direkte kontak met die moeder se liggaam het nie], dink ek dit is net redelik om aan te toon dat baie mediese dokters die geldigheid hiervan ernstig bevraagteken. Wat ook al die biologiese aard van die situasie is, sien ek egter geen rede om ’n geskilpunt hiervan te maak nie. Wanneer ons die Bybelse betekenis van die bloed van Jesus bestudeer, skakel die feit dat Jesus deur God gegenereer is in sigself die moontlikheid uit dat sonde erflik na Hom oorgedra sou kon word.”

> *... omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos (1 Petrus 1:18-19).*

### *Die Reinigende Krag van die Bloed*

'n Tyd gelede het die nuusmedia van 'n vervoermaatskappy vertel wat die gesondheidsregulasies oortree het sodat hulle meer wins kon maak. Hulle het in dieselfde tenkwa giftige stowwe in een rigting vervoer en daarna nie-amptelik voedselvloeistowwe weer terug vervoer. As gevolg hiervan het talle mense ernstig siek geword.

In die menslike liggaam het God egter 'n wonderlike vervoerstelsel voorsien wat voeding na die selle neem en terselfdertyd afvalstowwe versamel en wegneem. Danksy Sy volmaakte skeppingswerk vind daar geen oor-en-weer besmetting in die bloedstroom plaas nie. Dit is verstommend dat geen sel in die liggaam meer as 'n haarbreedte van 'n fyn bloedvatjie af is nie. As giftige afvalstowwe nie vanaf hierdie selle verwyder sou kon word nie, sou die onvermydelike gevolg siekte en dood wees.

Dit is presies hoe God se metode vir die verwydering van die besoedelende teenwoordigheid van sonde in ons lewens is. Ons reiniging vind slegs deur die kosbare bloed van Jesus plaas – *as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van alle sonde (1 Johannes 1:7)*. Meer nog, God het gesê dat daar geen

ander manier is waarop ons sonde vergewe kan word nie, want *sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie (Hebreërs 9:22).*

### *Die Lewegewende Krag van die Bloed*

’n Ander funksie van bloed is om die nodige water en voeding wat die lewe moet onderhou, deur die liggaam te vervoer. Indien die bloed nie die selle en weefsel van die liggaam bereik nie, sal daardie liggaamstrukture spoedig doodgaan. Die liggaam sterf dus as die bloed ophou om te sirkuleer. Vanselfsprekend is die lewe in die bloed.

Hierdie feit herinner ons aan die gesprek van die Here Jesus wat Sy dissipels so laat skrik het toe Hy oor Sy eie bloed gepraat het. Hy het uitdruklik verklaar:

> *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. Hy wat My vlees eet en My bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag. Want My vlees is waarlik spys, en My bloed is waarlik drank (Johannes 6:53-55).*

Jesus het voortgegaan en die ware betekenis hiervan verduidelik: *Wie My vlees eet en My bloed drink, bly in My en Ek in hom (Johannes 6:56)*. Wat ’n vreugde is dit om die ware oorsprong van geestelike lewe te verstaan! Die bloed van Christus is gestort om sondaars van hulle sonde te verlos. Op grond van Sy bloed wat gevloei het, kan ons nou aan Sy lewe deel hê. Die Here Jesus het die volle betekenis van die “drink” van Sy bloed verduidelik toe Hy gesê het: “Ek in julle!” Wat ’n kosbare gedagte!

As gelowiges persoonlik die opstandingskrag van Christus se teenwoordigheid in hulle lewe ervaar, kan hulle triomfantlik getuig: "Die opgestane Christus leef nou in my!" Vir sulke mense is die brood en wyn by 'n Nagmaaldiens 'n eenvoudige simboliese daad van danksegging en getuienis.[5]

Die lewegewende krag van Jesus se bloed word op 'n wonderbaarlike wyse deur die krag van die Heilige Gees in die lewe van gelowiges oorgedra wanneer hulle weergebore word. Ja, elke mens se soeke na die ware lewe gaan eintlik oor hul behoefte aan 'n lewegewende "bloedoortapping".

### *Die Beskermende Krag van die Bloed*

Daar is nóg 'n wonderlike funksie van die menslike bloed – dit is nie net reinigend en lewegewend nie, maar beskerm ook die lewe.

Vrees het wêreldwyd versprei toe builepes in Indië uitgebreek het. Interkontinentale passasierstralers uit daardie land is berook om hulle te ontsmet. In sommige gevalle is passasiers 'n ruk lank onder kwarantyn geplaas om hulle medies te ondersoek. As 'n voorsorgmaatreël is 'n tydelike verbod op alle vlugte uit Indië geplaas om te probeer verhoed dat die siekte na ander lande sou uitbrei.

Selfs sonder die bedreiging van builepes ervaar die menslike liggaam 'n voortdurende bombardement deur vreemde en lewensbedreigende kieme. Die bloed het egter 'n fantastiese meganisme om teenaanvalle mee te loods. In die bloedstroom is daar lewensbeskermende teengifstowwe

5 Daar is ongelukkig miljoene mense wat nog steeds glo dat die brood en wyn wat tydens die Nagmaal of "Heilige Mis" bedien word, letterlik in Christus se fisiese vlees en bloed verander. Hierdie kragtige simbole van ons Meester se inwonende lewe word op 'n tragiese wyse as letterlik en fisies beskou.

en ander spesifieke stowwe wat die stelsel teen invalle deur bakterieë beskerm. Die witbloedselle, wat hoofsaaklik vir verdedigende doeleindes daar is, vermeerder dramaties wanneer só ’n inval plaasvind en gaan tot die verdediging oor.

Dit is bemoedigend om te weet dat die bloed van die Here Jesus Christus, soos die menslike bloed, ook ’n lewensbeskermende rol het. Die bloed van Jesus bewaar die gelowige van die konstante aanvalle deur sataniese magte. In die profesie oor die groot eindstryd tussen Satan en God se kinders lees ons: *En hulle het hom* [die duiwel] *oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie (Openbaring 12:11)*. Jy kan ook die venynige aanvalle van die duiwel deur die beskermende krag van die kosbare bloed van Jesus oorwin.

Die oorwinning van Jesus oor Satan is geprofeteer onmiddellik nadat die duiwel vir Adam en Eva verlei het. God het toe belowe dat Satan se lot deur die saad van die vrou verseël sou word: *En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal Hom in die hakskeen byt (Genesis 3:15)*. Die saad van die vrou sou Satan se kop vermorsel, maar nie voordat daardie slang die Messias aan Sy hakskeen gebyt het nie. Ja, dit was die Here Jesus Christus self, die saad van die vrou, wat Sy bloed gestort het sodat:

> *... Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel (Hebreërs 2:14).*

Anders as die illusie-behepte studente wat ons op die Gare St. Lazare spoorwegstasie in Parys ontmoet het, is daar baie ander mense wat wel die oorsprong van die ware lewe ontdek het.

’n Tyd gelede het ek en Dorothy ’n honderd Ugandese ontmoet wat daarvan kon getuig dat hulle die ware lewe gevind het. In die kosbare bloed van die Here Jesus Christus het hulle ’n krag ontdek wat hulle harte reinig, lewe gee en die duiwel weerstaan. Hulle kon waarlik sê dat die ou dinge vir hulle verbygegaan het en dat alles nuut geword het.

Ambassade-beamptes in Kenia het ons teen die dreigende gevaar in Uganda gewaarsku, maar ek en my vrou is deur die Heilige Gees oortuig om wel daarheen te gaan. Die Here het vir ons ’n tydperk gereël om ’n verlengde seminaar vir Ugandese predikers en hul vroue aan te bied. Soos ons later sou ontdek, het Hy ook die presiese tyd van ons terugvlug beplan. (Ons vliegtuig was die laaste een om Entebbe voor nóg ’n militêre staatsgreep te verlaat.)

Onmiddellik na ons aankoms op die lughawe het ons van ’n atmosfeer van spanning en vrees bewus geword. Die chaotiese toestande en besoedeling om ons was onbeskryflik. Een van die enkele motors wat nog in die omgewing was, is tot ons beskikking gestel om ons van die lughawe af te vervoer. Die pad waarop ons gery het, is kort tevore in ’n bomaanval vol gate geskiet. Na ’n kort afstand is ons deur weerbarstige soldate aangehou wat vuurwapens op ons gerig het. Ons het nie geweet of hulle regeringsoldate, rebellemagte of sommer net boewe met militêre uniforms was nie. Dit was merkwaardig dat hulle heel gou ons bestuurder as ’n lid van hulle eie stam herken

het. Hulle het ons dus teësinnig toegelaat om verder te ry sonder dat ons beseer of beroof is.

By ons bestemming aangekom, het ek en my vrou gevind dat die vergaderplek vir ons seminare ’n donker en vuil gebou in die middel van ’n vreesbevange gemeenskap was. Toe die predikers en hul vroue opgedaag het, het ons egter gou van ons omstandighede vergeet. Die Here self het ons met ’n oorweldigende bewustheid van Sy heerlike teenwoordigheid geseën. Die byeenkomste wat ons daar in Uganda gehou het, sal altyd in ons geheue ingeprent bly as ’n bergtop-ondervinding waarin die lewende God met ons ontmoet het.

Met toegewyde aandag het die predikers en hulle vroue vir agt ure per dag op die ongemaklike bankies gesit en luister terwyl ek en Dorothy waarhede uit die Woord van God aan hulle verduidelik het. Wanneer ek onderrig gegee het, het my vrou opsommings van my lesings op ’n ou swartbord gemaak sodat die toehoorders nota’s op kosbare stukkies papier kon maak.

Eendag was daar meteens ’n geskuifel by die deur toe twee dronk mans met gewere probeer inkom het. Die een is by die ingang voorgekeer, maar die ander een het met sy wapen deur die mense gebeur. Hy het tot voor Dorothy gekom en sy geweer op haar hart gerig.

“Kom ons bid almal saam dat hierdie liewe man die Here Jesus sal ontmoet,” het sy kalm gesê.

Na oomblikke wat vir my soos ’n ewigheid gevoel het, het die tolk met absolute verbasing op sy gesig na my gedraai en gesê: “Ek kan nie glo wat hierdie dronk soldaat gesê het nie. Hy het net gesê: ‘Ek wil hierdie vrou se God leer ken.’”

Terwyl die tolk nog gepraat het, het ek iets gesien wat ek nooit sal vergeet nie. Wat ook al gebeur het – of dit nou ’n engel was wat die indringer op sy knieë gedwing het, en of dit die geweldige bewustheid van God se heiligheid en almag was wat in die byeenkoms geheers het en te veel vir die dronk soldaat geword het, en of dit ’n vrywillige daad van verootmoediging aan sy kant was om sy diepste hartsbegeerte te toon, weet ek nie. Wat ek wel weet, is dat die loop van die geweer op daardie presiese oomblik stadig afgesak het totdat die bedoelde moordwapen op die grond geval het terwyl die soldaat op sy knieë gesak het.

Dit was nie die tyd vir ’n weldeurdagte gesprek oor die weg van saligheid nie, en Dorothy het dit besef. “Bid hierdie gebed agter my aan,” het sy gesê en toe stap vir stap die arme misleide en behoeftige siel na die voet van die kruis gelei – na die Verlosser van sondige mense. Hier het hy die bron van alle ware lewe deur die bloed van Jesus ontdek.

Waarom vertel ek nou van hierdie ondervinding? Bloot ter wille van dit wat kort daarna in hierdie onvergeetlike byeenkoms gebeur het.

In ons gehoor was daar verskeie manne wat dalk alle rede gehad het om die indringer wat die vertrek so gewelddadig ingekom het, te vrees en selfs te haat. Daar was ook diegene wie se lewens onlangs bedreig is. Een van die predikers wat daar was, se vingers is juis afgeskiet deur ’n soldaat wat probeer het om hom dood te maak. Omdat hierdie manne egter die Here Jesus op ’n persoonlike manier geken en liefgehad het, het hulle rondom die soldaat vergader, hom omhels en vir hom as hulle nuwe broeder in Christus gebid.

Toe, sonder enige musiekbegeleiding, maar op die pragtige harmonieuse manier van Afrikasang, het hulle spontaan begin sing. Ek is steeds in verwondering wanneer ek nadink oor die woorde wat hulle gesing het:

> O, die bloed van Jesus,
> O, die bloed van Jesus,
> O, die bloed van Jesus,
> Dit was my skoon van sonde.

As ons wêreldleiers maar daardie dag saam met ons kon wees! Dan sou hulle sekerlik ook die Here se enigste oplossing vir inter-etniese, interrassige en internasionale konflik kon gesien het:

> *... en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van Sy kruis ... Ook julle wat vroeër vervreemd was en vyandiggesind deur die bose werke, het Hy nou versoen (Kolossense 1:20-21).*

Ja, slegs hulle wat in ’n regte verhouding met God gebring is, is *geregverdig in Sy bloed, [en] deur Hom gered ... van die toorn. Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van Sy Seun, veel meer sal ons deur Sy lewe gered word nou dat ons versoen is (Romeine 5:9-10).*

***Besin ’n Oomblik***

1. Het jy regtig ’n begeerte na Lewe met ’n hoofletter “L”? Dit is die lewe waarvan die Here Jesus gepraat het toe Hy gesê het: *Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê (Johannes 10:10).*

2. Waar, sê die Bybel, word die siel in die menslike liggaam gevind? (Lees Levitikus 17:11.)

3. Wat is die ewige betekenis van die kosbare bloed van die Here Jesus?
   - Vertrou jy in die reinigende krag van Sy bloed?
   - Vertrou jy in die lewegewende krag van Sy bloed?
   - Vertrou jy in die beskermende krag van Sy bloed?

   Die Here Jesus het gesê: *Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie (Johannes 11:25-26).*

*Die volmaaktheid van ’n kunstenaar se skildery, die glans op ’n stralende gesig, die grootheid van ’n landskap – nie een van hierdie dinge kan toereikend deur middel van klank beskryf word nie.*
*Sig is nodig.*

## Hoofstuk 9

# Hoe kan ek deel van God se gesin word?

In die vroeë 1940's het die mediese wetenskap groot vordering op die gebied van oogchirurgie gemaak. Suksesvolle operasies is uitgevoer waarin byvoorbeeld die horingvliese van iemand wat so pas oorlede is op die oë van 'n blinde persoon oorgeplant is. Dr. Sangster het ons vertel dat hy by was toe die eerste suksesvolle horingvlies-oorplanting gedoen is.

Lank voor dagbreek het dr. Sangster twee persone na die pragtige Surrey Downs in Engeland vergesel. Die een was 'n vrou wat blind gebore was; die ander een was haar oogchirurg. In die periode na die pasiënt se operasie het laag op laag verbande haar oë teen die lig beskerm. Dit is geleidelik verwyder. Sy was reeds bewus van 'n nuwe sensitiwiteit vir lig en was baie opgewonde. Nou, voor sonsopkoms, is die laaste oorblywende verband verwyder van die oë van hierdie vrou wat nog nooit kon sien nie.

Daardie oggend was die sonsopkoms sekerlik op sy mooiste. Die môreson het oor die horison geloer, die skaduwees het korter geword en die delikate skoonheid

van die groen blare was teen die lieflike oggendlig afgeëts. Voëltjies het op die doudeurdrenkte gras rondgespring opsoek na kos. Die hele toneel was asemrowend mooi en boeiend vir iemand wat vir die eerste keer in haar lewe kon sien. Terwyl trane oor haar wange rol het sy uitgeroep: "Julle het altyd probeer om dit aan my te beskryf, maar ek het nooit kon dink dat iets so wonderlik kon wees nie!" Daarna het sy in stille verwondering voor die prag van God se skepping gesit.

Hoe sou jy die kleur rooi aan iemand probeer beskryf wat nog nooit kon sien nie? Of die dramatiese toneel van 'n sonsondergang aan 'n persoon wie se oë nog nooit op lig gereageer het nie? Dit sou sekerlik onmoontlik wees. Woorde wat visuele prag beskryf, het min betekenis vir 'n hoorder wat geen visuele verwysingsraamwerk het nie. Die volmaaktheid van 'n kunstenaar se skildery, die glans op 'n stralende gesig en die grootheid van 'n landskap kan nie deur klanke beskryf word nie. Sig is nodig.

Dieselfde probleem word ervaar wanneer 'n gelowige persoon geestelike skoonheid aan 'n ongelowige wil oordra. Ek het eenmaal aan 'n mediese student wat vir sy finale eksamen by Guy's Hospitaal in Londen gestudeer het, die wonder van God se liefde probeer verduidelik. "Ek kan dit net nie sien nie," het hy geantwoord. Ek het sy reaksie verstaan en die gesprek 'n bietjie verder gevoer: "Nee, ek verwag ook nie dat jy kan nie, want jy is soos iemand wat in 'n donker vertrek woon. Ek weet hoe dit voel, want ek het self in geestelike duisternis geleef, maar ek is nou buitekant waar die son van God se liefde skyn."

"Dawid," het ek gesê, "as jy God se liefde wil verstaan, sal jy uit daardie donker vertrek na Sy wonderbare sonlig moet kom." Daardie dag het Dawid neergekniel en die Here Jesus gevra om sy sondes te vergewe en in sy lewe te kom. Ek sal nooit vergeet wat hy gesê het toe hy van sy knieë af opstaan nie: "Ek het nooit geweet dit sal so wonderlik wees nie!"

Net soos wat fisiese sig die skoonheid van God se skepping aan die mens vertoon, dra geestelike sig die werklikheid van God se teenwoordigheid, krag en liefde aan die mens se siel oor.

Nadat die Here Jesus na die hemel opgevaar het, het Hy deur die woorde van die apostel Johannes 'n ontstellende diagnose van die geestelike toestand van die gemeente in die stad Laodicea gemaak. Vir hulle het Hy gesê: *Jy weet nie dat dit jy is wat ... blind is nie (Openbaring 3:17)*. Kan jy jou 'n blinde persoon indink wat nie van sy bejammerenswaardige toestand bewus is nie? Na hierdie diagnose van geestelike blindheid gaan die Here Jesus voort om die genesing voor te skryf: *salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien (Openbaring 3:18)*. Hoe uiters belangrik is hierdie voorskrif nie! Geestelike blindheid vereis geestelike oogchirurgie, en dit is die werk van die Heilige Gees.

Die eerste keer toe jy gebore is, was dit 'n fisiese geboorte. Dit het egter nie aan jou geestelike sig en begrip gegee nie. Indien jy jou weg uit geestelike duisternis wil vind na die verligting *van die kennis van die heerlikheid van God (2 Korintiërs 4:6)*, moet jy 'n tweede keer gebore word. Jesus het aan Nikodemus gesê:

*Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees. Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie. As iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie (Johannes 3:3, 6-7).*

**As jy dus die koninkryk van God wil sien, moet jy ook weer gebore word.**

Soos elke ander mens is jy met 'n Godgegewe vakuum in jou lewe gebore wat daarna smag om gevul te word. Hierdie geestelike leegheid kan slegs gevul word wanneer die teenwoordigheid van die opgestane Christus in jou kom woon. Wanneer jy Hom as jou Verlosser in jou lewe ontvang, sal die doel en noodsaaklikheid van Sy dood 'n werklikheid in jou lewe word. Hy het nie net gesterf om jou van jou sondes te vergewe nie; Hy het ook gesterf sodat jou hart geestelik 'n rein plek gemaak kan word vir Hom om in te woon. Dit is noodsaaklik dat jou sondes vergewe moet word voordat Jesus in jou hart kan kom.

Terwyl ek met 'n jong Christen in Afrika gepraat het, het ek bewus geword van sy intense begeerte om die goeie nuus omtrent Christus met die jongmense in sy land te deel. Die volgende week moes ek Bybelklasse vir omtrent 200 predikante aanbied en ek het die jongman dus ook daarheen genooi. Hoewel ons toe 'n paar honderd kilometer van die plek af was waar die lesings aangebied sou word, het ek voorgestel dat hy die lang reis oor die slegte, stamperige paaie aandurf om by ons aan te sluit. William het moeg

en mat daar aangekom, maar hy was baie bly vir die geleentheid om meer omtrent God en die Bybel te leer. Hy het beslis nie in die oorvol bus geklim net ter wille van die rit nie! Dit was net ’n vervoermiddel tot by die konferensie. William se regte doelwit was dit wat by die eindpunt van die reis op hom gewag het.

Die Here Jesus wil graag in jou lewe wees om samesyn met jou te geniet en jy met Hom. Hy weet dat die enigste oplossing is om ’n weg te voorsien waardeur jou hart van sonde gereinig kan word. Hoewel die vergifnis van jou sonde noodsaaklik is, is Christus se uiteindelike doel met jou die nuwe lewe wat jy in Hom gaan hê en jou vermoë om samesyn met God te geniet. Kan jy met enigiets minder tevrede wees? Hierdie persoonlike verhouding met Hom is juis die rede waarvoor jy geskep is.

Om te weet dat Christus in jou hart woon, is om hier en nou te weet dat die ewige lewe reeds begin het. Jesus Christus se inwonende teenwoordigheid bring Sy lewe in jou lewe in.

> *En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in Sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie (1 Johannes 5:11-12).*

Dit is geen wonder nie dat toe my vriend Dawid vir Jesus gevra het om sy sonde te vergewe en in sy lewe te kom, hy uitgeroep het: “Ek het nooit geweet dat dit so wonderlik is nie!”

## *Maar Hoe?*

Toe mense vir die apostel Petrus oor die lewe, dood en opstanding van Jesus hoor preek het, het God hulle 'n begeerte gegee om die Verlosser te leer ken. Die Heilige Gees het vir hulle gedoen wat Hy ook vir jou wil doen. Hulle het geluister toe Petrus vertel dat Jesus die Here ("Kurios"—Yahweh) en die Messias van God is. Hierdie nuwe begrip van wie Jesus is, het in hulle 'n sterk oortuiging van sonde en 'n behoefte aan redding geskep. Toe hulle nadink oor hoe afsydig hulle was teenoor die Gekruisigde Een en hoe hulle die Verlosser verwerp het, vertel die Bybel ons dat hulle diep in die hart getref is en ernstig gevra het: *Wat moet ons doen? (Handelinge 2:37)*.

Petrus se eerste antwoord aan hulle was 'n oproep tot bekering. Sonder bekering is geloof nie ware geloof nie – dit is dan net skyngeloof of 'n verbeeldingsvlug. Verlossende geloof sluit 'n gesindheid van vertroue in, asook 'n verandering van gesindheid.

Wanneer jy vir Jesus in eenvoudige vertroue bedank vir wat Hy vir jou gedoen het toe Hy aan die kruis gesterf het, het jou houding teenoor God en teenoor sonde 'n dramatiese verandering ondergaan. Dit is slegs dan dat die Heilige Gees Sy geestelike oogchirurgie kan uitvoer, sodat jou verstand dinge van 'n ander perspektief begin sien. Die betekenis van die woord "bekering" is inderdaad "'n verandering van denke". So 'n ware ondervinding van wedergeboorte behels dus 'n basiese verandering van die mens se gesindheid teenoor God en teenoor sonde.

**Teenoor God:** Bekering ('n verandering van denke) behels die verwerping van elke valse opvatting oor God. Ek het gesien hoe mense in Afrika wat 'n hewige stryd teen die

invloed van hulle heidense opvattinge en praktyke gevoer het, openlik hulle afgode en toorgoed verbrand nadat hulle hulself tot die Here Jesus bekeer het. Ek het ook vriende wat groot sosiale druk en selfs dreigemente en gevare moes trotseer toe hulle wegdraai van ’n godsdienstige of sosiale stelsel wat nie getrou aan die God van die Bybel is nie. Reddende geloof moet gegrond wees op die vaste vertroue dat Jesus “Yahweh” is – die enigste Redder God.

**Teenoor sonde:** Wanneer jy deur geloof die ondervinding van redding begin ervaar, sal jy met berou en skaamte van jou eie sondigheid bewus word. Jou verandering van gesindheid teenoor sonde (jou bekering) sal veroorsaak dat jy nie meer jou sonde sal probeer ignoreer nie. Jy sal nie meer verskonings daarvoor soek nie en jy sal nie verder hoop dat jou eie geregtigheid jou sal red nie. Die mens se *geregtighede [is] soos ’n besoedelde kleed voor ’n heilige God (Jesaja 64:6)*. Wanneer jy na Jesus toe draai, sal jy egter ’n begeerte hê om weg te draai van daardie dinge in jou lewe waarvan Hy nie hou nie.

Stel jouself ’n weermagkorporaal voor wat met verlof van sy basis af weg is. Op ’n dag ontvang hy twee briewe. Die een is van ’n vriend en die ander van sy bevelvoerder af. In die eerste brief is daar ’n uitnodiging na sy vriend se troue, maar die ander brief bevat ’n opdrag van sy bevelvoerder om vir diens aan te meld. Daar is ’n duidelike verskil tussen ’n uitnodiging en ’n opdrag. ’n Uitnodiging kan beleefd van die hand gewys word, maar ’n opdrag bied net twee opsies, naamlik gehoorsaamheid of rebellie.

Omdat God jou liefhet en weet dat sonde jou lewe sal verwoes, rig Hy nie ’n uitnodiging aan jou om jou te bekeer

nie; nee, Hy beveel jou om jou te bekeer. Toe Paulus sy aanbieding van die Evangelie aan die filosowe en bystanders in die universiteitshoofstad van Griekeland afsluit, het hy gesê: *God ... verkondig* (Eng. *"commandeth"*) *nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer (Handelinge 17:30)*. Dit sluit jou ook in.

Die wonderwerk is dat wanneer jy jou rug op jou wanopvattings oor God draai, van jou eie sondes wegdraai en sodoende in die geloof na Jesus draai om Hom as jou Redder God aan te neem, God in jou hart sal werk *om te wil sowel as om te werk (Filippense 2:13)*, dus om te doen wat reg is in Sy oë. God belowe aan diegene wat gewillig is om hulle waarlik te bekeer, die begeerte én die krag om Sy wil te doen. Slegs dan sal jou lewe verander en sal jy jou Godgegewe potensiaal bereik.

As 'n vriend spoor ek jou graag aan om die Here Jesus Christus sonder verwyl te ontvang. Soek 'n stil plekkie waar jy voor God in gebed kan buig. Om woorde soos 'n papegaai te herhaal, sal niks vir jou doen nie. Die belangrikste is dat jy in die geloof op Jesus sal reageer – Hy wat gesê het: *Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie (Johannes 14:6)*.

Nou kan jy jou oë toemaak as jy wil en spontaan uit jou hart bid. Jy mag dalk ook die volgende gebed nuttig vind.

### *My Antwoord in Gebed*

**O God, ek het U nie geken nie en ook nie liefgehad nie. Maar ek dank U dat U my ken en ook liefhet.**

**Ek is 'n sondaar en uit myself kan ek niks doen om**

**my redding te verdien nie. In die geloof draai ek nou na U, Here Jesus, en vra U om vergifnis! Ek erken dat ek 'n sondaar is en ek bely my sondes. Dankie, Here Jesus, dat U vir my gesterf het en my die reinigende en lewegewende krag van U kosbare bloed aanbied. In die geloof plaas ek nou my lewe onder die beskerming van daardie kosbare bloed.**

**Kom asseblief in my hart, Here Jesus, en neem beheer van my lewe.**

**Dankie, Here Jesus, dat ek nou deur U Heilige Gees weergebore is. Dit is vir my wonderlik om te weet dat ek deur U opstandingskrag 'n kind van God is en vir ewig saam met U sal woon!**

> *... die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie (1 Petrus 2:6).*

Vertel vir iemand wat jy so pas gedoen het. Onthou dat Christus nou in jou hart woon. Hy besit al die krag wat jy nodig het om vir Hom te lewe en oor Hom te praat!

> *As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding (Romeine 10:9-10).*

## 'n Brief uit Slowakye

*"Geagte vriende, ek is nou net klaar met* Jou Soektog na God, *die mees fassinerende boek wat ek nog ooit gelees het. Ek weet ek sal nooit weer dieselfde wees nie. Die Here Jesus het my aangeneem en ek het my lewe aan Hom gegee. Ek wil hê dat my vriende ook elkeen hierdie vreugde moet ken en ek vra dus vriendelik of ek nog twee eksemplare kan bestel sodat ek dit vir hulle kan leen ...*

*Dankie dat u die Evangelie en die geskenk van redding in Christus in my lewe ingebring het ... Ons het nie geweet dat so 'n uitstekende boek bestaan nie."*

*– Verslag deur J.A. vertaal en ingedien*

***Besin 'n Oomblik***

1. Wat is die beste manier om jou dankbaarheid uit te druk wanneer jy 'n groot geskenk ontvang:
   - deur te sê: "Gee dit asseblief vir my?"
   - deur te sê: "Dankie"?
2. Is dit jou gevoel of jou geloof wat jou die versekering gee dat jy 'n kind van God is?

   *Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God (Efesiërs 2:8).*
3. Bevat jou geloof in die Here Jesus:
   - 'n element van bekering?
   - 'n element van dankbaarheid?
   - 'n gesindheid van volkome afhanklikheid van Hom?
4. Sal jy nou 'n oomblik neem om God te dank omdat Hy jou gered het, en die Here Jesus loof, nie net vir wat Hy vir jou gedoen het nie, maar ook vir wie Hy is?

*Daar is niks – geen omstandigheid of moeilikheid of toets – wat my kan aanraak alvorens dit eers voor God en Christus verbygegaan het en tot by my gekom het nie. As dit so ver gekom het, het dit met 'n grootse doel gekom wat ek miskien nie op hierdie oomblik verstaan nie. Maar as ek weier om paniekerig te raak, my oë op Hom rig en dit aanvaar as iets wat van God se troon af kom en wat tot seën van my eie hart sal wees, sal geen hartseer my ontstel, geen beproewing my ontwapen en geen omstandighede my angstig maak nie – want dan rus ek in die vreugde van wie my Here is. Dit is die oorwinning van geloof!*

*Alan Redpath*

Hoofstuk 10

# *Wat nou?*

Verlossing is absoluut gratis! Daar is niks wat enigeen kan doen om dit te verdien nie. Die Here Jesus het alles gedoen.

Terwyl jy in opregtheid die voorgestelde gebed (of iets soortgelyks) in die vorige hoofstuk gebid het, het jy deur jou geloof in Christus ’n ware kind van God geword.

> *Maar aan almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo (Johannes 1:12).*

Heel waarskynlik sal die vraag nou by jou opkom: “Wat nou?”

Net voordat die Here Jesus Sy dissipels agtergelaat het op Sy missie om die dood te oorwin en daarna terug te keer hemel toe, het Hy gesê: *Bly in My, soos Ek in julle (Johannes 15:4)*. Hierdie paar woorde verduidelik die essensie van die Christelike lewe. Vanuit God se oogpunt bly die gelowiges in Sy Seun sodat hulle bewaar en beskerm kan word totdat hulle veilig in die hemel aankom. Van ’n menslike perspektief kan gelowiges se familie, vriende en kollegas bekendgestel word aan ’n kwaliteit van

lewe wat net verklaar kan word deur die feit dat Christus in ons woon.

Dink aan ’n ysterstaaf in ’n vuur. As jy daarna kyk, kan jy sê: “Die yster is in die vuur.” As jy egter naderkom sal jy sien dat die yster self rooiwarm is. Dan is dit ook reg om te sê dat die vuur in die yster is! Dink nou aan ’n koppie wat in ’n emmer water gedompel word. Die koppie is in die water, maar die water is ook in die koppie!

Toe jy weergebore is, het die Heilige Gees jou in die liggaam van Christus gedoop, soos die koppie in die emmer vol water.

Nou verseker die Bybel jou: *julle lewe is saam met Christus verborge in God (Kolossense 3:3)*. Ja, omdat jy weergebore is, is jy nou in Christus. Dis ’n wonderlike waarheid! Wanneer jy opnuut gebore is, word die inwonende lewe van die opgestane Christus ’n persoonlike en heerlike werklikheid deur die krag van die Heilige Gees. Jy kan nou juig: *Dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid ... (Kolossense 1:27)*. Omdat jy weergebore is, woon die opgestane Christus in jou!

Ons bespreek nou verder wat die Bybel sê oor die bevrydende impak van hierdie tweeledige waarheid – ek is in Christus en Christus is in my.

## *Ek is in Christus*

> *Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam ... (1 Korintiërs 12:13).*

> *Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in Sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die*

*dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel (Romeine 6:3-4).*

*Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God (Kolossense 3:3).*

Baie jare gelede het ek 'n seuntjie geken wat leukemie gehad het. Hy was toe maar net sewe jaar oud en moes elke drie maande dokter toe gaan vir 'n spinale inspuiting. Tydens so 'n besoek het die dokter vir Daryl gevra waarom hy nie soos die ander kinders gehuil het wanneer die naald in sy rug gesteek word nie. "Is dit nie seer nie?" het die dokter gevra. "O ja, dit is seer," het Daryl geantwoord, "maar Dokter, jy verstaan nie – die naald moet deur Jesus se hand gaan voordat dit aan my raak." Dit is wonderlik om te weet dat jy nou in Christus is en Hy dus in staat is om enigiets wat jou lewe sal toets en raak, te hanteer! Dit is geloof!

Jy het in die geloof die Here Jesus aangeneem. Jy sal ook agterkom dat dit dieselfde beginsel van geloof is wat jou in staat stel om te aanvaar dat Hy jou kan help om elke situasie in jou lewe te hanteer. Met ander woorde, jou aanvanklike stap van geloof het die deur vir jou oopgemaak om in 'n voortdurende gesindheid van geloof te leef. *Soos julle dan Christus Jesus, die Here, **aangeneem** het, **wandel** so in Hom (Kolossense 2:6).*

Hoewel jy weergebore is, verwag God nie van jou om Jesus se lewe na te boots nie. Miljoene Christene het dit al probeer doen, maar sonder sukses, en dan is hulle gefrustreerd. God het ons vertel van Sy wonderlike voorsiening vir ons Christelike lewe. Ons is reeds "dood" in

Christus. Ons is dus ook dood vir al die eise en veroordeling van die wet waaronder die mensdom staan. In die verlede was ons hoop dood om deur ons eie pogings die wette van God se eise na te kom, en dit is nou steeds dieselfde. Ja, ons is dood vir enige stukkie vertroue in onsself om die geestelike lewe te kan leef. Maar, dank God, ons is heerlik lewend en oop vir al die beskerming, hulp en voorsiening van die opgestane Here Jesus Christus!

Die probleem kom wanneer ons die versoekings en druk van die lewe self probeer hanteer. ’n Nuwe gelowige sal vind dat hy na die nuwe geboorte net so onmagtig is om die Christelike lewe te lei as wat hy tevore was. Die Here Jesus het ons immers duidelik gewaarsku: *Sonder My kan julle niks doen nie (Johannes 15:5)*.

Die apostel Paulus het streng gepraat met die gelowiges in die omgewing van Galasië oor die dwaasheid daarvan om alles self te probeer doen. Hulle het weggedraai van God se beginsel om deur die geloof te lewe en net geloof alleen. Paulus het ’n retoriese vraag gevra wat tot ’n selfverklarende antwoord moes lei:

> *Dit alleen wil ek van julle weet: het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof? Is julle so onverstandig? Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees? (Galasiërs 3:2-3).*

Nes jy, het hulle wel die nuwe lewe in Christus met ’n daad van geloof begin. En dit is net deur dieselfde afhanklike geloof dat hulle kan hoop om *in die lewe [te] heers deur die Eén, Jesus Christus (Romeine 5:17)*.

In Galasië is die lewenskragtigheid van afhanklike geloof ongelukkig deur die dorheid van wettiese eie pogings vervang. Maar, dank God, as jy afhanklik van jou nuutgevonde Heer bly, sal die jammerlike toestand wat in Galasië geheers het nooit jou ervaring wees nie.

### *Christus leef in my*

> *Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar* ***Christus leef in my*** *(Galasiërs 2:20).*
>
> *Maar as* ***Christus in julle is****, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid. En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur Sy Gees wat in julle woon (Romeine 8:10-11).*
>
> *... aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid (Kolossense 1:27).*
>
> *... sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is (Efesiërs 3:17).*

Jy kan jou afhanklike geloof in die inwonende lewe van Christus só uitdruk: “Dankie, Here Jesus; U is alles wat ek nie is nie. Ek gee U toestemming om te wees wat U in en deur My is.” Die verstommende werklikheid van jou Christelike lewe is dat God basies die verantwoordelikheid

vir jou sukses daarmee aan iemand anders oorgedra het, naamlik die Here Jesus Christus! Jesus is die enigste Een wat genoegsaam is om die versoekings en geleenthede wat jy gaan teëkom, te hanteer. Dit is moontlik vir iemand om ’n “teoloog” sonder Christus te wees; dit is moontlik om ’n “prediker” sonder Christus te wees; dit is ook moontlik om ’n “sendeling” sonder Christus te wees, maar dit is onmoontlik om ’n Christen te wees as Christus nie in jou hart woon nie.

Jesus is die enigste Persoon wat waarlik die Christelike lewe kan leef. Deur Sy Gees het Hy op ’n wonderbaarlike wyse nou Sy woning in jou hart kom maak. Hy kan nou deur jou en vir jou dit doen wat jy nooit vir jouself sou kon doen nie. Hy wat rein is, is jou reinheid in ’n wêreld van onreinheid; Hy wat die Oorwinnaar is, is jou oorwinning in ’n wêreld vol versoekings; Hy wat Liefde is, is jou liefde in ’n wêreld vol selfsug en eie belang. Ja, Hy wat die *opstanding en die lewe (Johannes 11:25)* is, is nou jou eie Christelike lewe.

Soos wat jy jou lewe nederig beskikbaar stel aan Hom wat *gekom [het] om te soek en te red wat verlore was (Lukas 19:10)*, kan jy ook op Hom vertrou om verlore siele deur jou te soek en te red! Die lewe word werklik interessant sodra gelowiges ontdek dat hulle ’n kanaal van Jesus se lewe vir ander mense kan wees.

Onthou, Jesus het teruggegaan hemel toe, maar Hy het Homself beslis nie van jou onttrek nie. Toe Hy Sy dissipels op aarde agtergelaat het, het Hy vir hulle gesê:

> *Nog ’n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe. In dié dag sal julle weet dat* ***Ek in My***

***Vader is, en julle in My, en Ek in julle*** *(Johannes 14:19-20).*

Jy mag dalk vra: “Hoe kan al hierdie hulpmiddels wat God in Christus aan my geskenk het, prakties ’n realiteit in my lewe word?” Dit is ’n goeie vraag, want dit beklemtoon die breë kloof tussen ’n geloof wat net verstandelik is en ’n geloof wat op ervaring gebaseer is. Die vraag impliseer ook jou innige begeerte na ’n geloof wat wérk. Die eenvoudige antwoord is dat die triomfantlike lewe van Christus in gelowiges vrygestel word in reaksie op ons dankbare aanvaarding daarvan. Ware geloof sê altyd: “Dankie.”

Die beste manier waarop jy byvoorbeeld uitdrukking aan jou geloof in die redding van Christus kan gee, is om vir Hom dankie te sê dat jou sondes vergewe is. Dank Hom vir die feit dat Hy vir jou alles kan wees wat jy nodig het, presies op die regte oomblik. *Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag (Hebreërs 11:6)*. Soos wat jy daarna streef om Hom te behaag, bly leef in konstante geloof en dankbaarheid aan die Here Jesus vir Sy voorsiening in alle dinge.

Toe Petrus skryf aan die Christene wat vervolg is omdat hulle lojaal aan die Here Jesus Christus was, het hy hulle vermaan: *Maar heilig* [sit eenkant; verhoog; gee volle heerskappy aan] *die Here God in julle harte (1 Petrus 3:15)*. Hierin lê God se oop geheim hoe om geloofsvervolging te hanteer, naamlik om seker te maak dat Jesus Christus die Meester van jou lewe is. (Jy sal dalk onthou dat een van die name van God in die Ou Testament Adonai is. Dit beteken “Here” in die sin dat Hy my Meester

is. Dit is hierdie konsep van die Here God as my Meester wat Petrus gebruik.)

Soos wat die Here Jesus die Meester van jou lewe is, sal jy konstante samesyn met Hom geniet. Eers dan sal jy waarlik vry wees om Hom met die daaglikse eise en geleenthede van jou lewe te vertrou. Dit is die boodskap van die volgende lied deur George Matheson:

*Make me a captive, Lord,*
*And then I shall be free;*
*Force me to render up my sword,*
*And I shall conqueror be.*

In teenstelling met die populêre opvatting is ware vryheid nie geleë in my reg om te doen wat ek wil nie. Dit word eerder daarin gevind dat ek die krag het om te kan doen wat ek behoort te doen! Onthou die woorde van die apostel Paulus: *Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee (Filippense 4:13).*

Tydens die herlewing in Noord-Ierland in 1859 het duisende mense hulle tot Christus bekeer. Hierdie bekeerlinge het hulle persoonlike en ernstige toewyding aan Christus bevestig deur ’n “Onderneming van Geloof” te onderteken. In daardie tyd het so baie mense ’n lewensveranderende ontmoeting met die opgestane Here ervaar, dat die morele klimaat in die land letterlik verander het.

Hoewel daar nie enige verhewe verdienste daarin is om so ’n onderneming te onderteken nie, sal dit jou miskien op hierdie stadium help as jy ook jou antwoord op God se uitnodiging bevestig deur die dokument met die Skrifgedeeltes op die volgende bladsye te onderteken.

*Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het, julle volmaak in elke goeie werk, om Sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid! Amen (Hebreërs 13:20-21).*

## 'n Brief uit Hongarye

*"Baie dankie dat u vir my 'n Bybel gestuur het, asook die boek deur Richard A. Bennett,* Jou Soektog na God.

*Ek het die boek klaar gelees en elke verwysing in die Skrif nageslaan.*

Jou Soektog na God *het my baie gehelp om te verstaan* ***wat*** *ek moet glo en* ***waarom*** *ek moet glo. Ek is nou 'n gelowige en met die hulp van hierdie boek het ek my lewenslank verbind aan die geloof."*

*– Verslag deur Trans Wêreld Radio vertaal en ingedien*

# *My Onderneming van Geloof*

**Ek neem God die Vader aan om my God te wees**
*Julle [het] jul van die afgode bekeer ... tot God, om die lewende en waaragtige God te dien.*
*(1 Thessalonisense 1:9)*

**Ek neem Jesus Christus aan om my Here en Verlosser te wees**
*Hom [Jesus] het God as Leidsman en Verlosser deur Sy regterhand verhoog om ... bekering en vergifnis van sondes te skenk.*
*(Handelinge 5:31)*

**Ek neem die Heilige Gees aan om my met die liefde van God te vervul**
*Die liefde van God [is] in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.*
*(Romeine 5:5)*

**Ek neem die Woord van God as die rigsnoer van my lewe aan**
*Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.*
*(2 Timoteus 3:16-17)*

**Ek neem die volk van God as my volk aan**
*U volk is my volk, en u God is my God.*
*(Rut 1:16)*

**Ek wy myself ten volle aan die Here toe**
*Want niemand van ons leef vir homself nie en niemand sterf vir homself nie. Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.*
*(Romeine 14:7-8)*

**Ek doen dit doelbewus**
*Kies dan vir julle vandag wie julle wil dien … maar ek en my huis, ons sal die Here dien.*
*(Josua 24:15)*


**En opreg**
*[Ons het] in eenvoudigheid en reinheid van God, nie in vleeslike wysheid nie, maar in die genade van God in die wêreld verkeer …*
*(2 Korintiërs 1:12)*

**En vrylik**
*U volk sal baie gewillig wees op die dag van U krygsmag …*
*(Psalm 110:3)*

**En vir altyd**
*Wie sal ons skei van die liefde van Christus – verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?*
*(Romeine 8:35)*

Geteken: ____________________________________________

Datum: ______________________________________________




**Now you are encouraged to read the author’s sequel to this book:**

# *Food for Faith*

**Just as a person could be fascinated with recipes in a cookbook and yet die of starvation, so one can be fascinated with biblical ‘recipes’ for successful living and still remain spiritually malnourished!**

**Food for Faith is a biblical manual written to help you digest the Word of God from your hand—to your head—to your heart.**

Published by
Cross Currents International Ministries
www.ccim-media.com
Distributed by
Trans World Radio - South Africa
P.O. Box 4232
Kempton Park
1620